Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

Jaargang 17 no 1

Desember 2007/Januarie 2008

Tema: Kersfees

- **Kersfeesviering 2**
- **Kerk, ekumene en sending 4**
- **Kersfees in die Ou Testament aangekondig 5**
- Rus my siel, jou God is Koning 7
- Númeri 8
- Kersverhaal 10
- Die goue Kompas – ateïsme of Christelike geloof .13
- Die stryd om presidentskap 15
- Die Ou Testament en sending 17
- Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 21
- My beroep: 'n roeping! 21
- Redaksienuus 23

HEIL-SAAM VORENTOE

In ons moderne samelewing word beweer dat stilstaan gelyk is aan agteruitgang. As ons terugkyk, dan sien ons groot vooruitgang. Daar is steeds weer nuwe ontwikkelings, veral op die gebied van die moderne tegnologie. Onsigbare satelliete hou vanuit die ruimte 'n wakende oog oor wat ons sê, hoor en sien (selfone), oor waar ons is (Google en GPS) en waar ons wil gaan (Navigator). Is daar nog iemand sonder e-pos? Alles beweeg vorentoe en, soos in 'n parade, as jy nie met dieselfde spoed saambeweeg nie, dan raak jy agter. Ons vlieg voort in die vaart van die volke na vooruitgang.

Hierdie denke word verhef tot 'n "vooruitgangsgeloof". Tegnologie bring heil en seën. Ons is mos deel van evolusie en dit beteken voortdurende ontwikkeling na beter omstandighede. Ná die oerknal ontstaan die oersel, die oerwatsedont en uiteindelik die super-aap, die meer-en-meer oorheersende mens. Die enkele doemprofete wat glo dat die mensdom ten onder sal gaan aan aardverwarming, kernontploffings en ongeneeslike siektes, word oorstem.

Die vooruitgangsdenke word ook toegepas op die kerk, selfs onder die leuse "semper reformanda", altyd weer reformeer. Ons ou begrippe oor wat reg en verkeerd, oor wat goed en kwaad is, moet aangepas word aan die tyd. Sake wat vroeër in stryd met die Bybel geag was, word nou as reg aanvaar. Want ons leef mos in 'n ander tyd en in 'n ander kultuur. God se Woord gee vir ons slegs die basiese uitgangspunte (soos liefde), wat ons in verhouding met ons eie tyd moet vertolk en toepas. En omdat die tye anders is, sal die toepassing ook steeds anders wees.

Ons het in die skepping inderdaad 'n lang pad gekom. Vanaf die "primitiewe" Adam en Eva, wat kaal in die paradyspark rondgestap het, na die Israeliete wat soos kinders voorsien is van gedetailleerde lewensvoorskrifte, met seën en straf (Deut. 27 en 28), na die Nuwe Testamentiese kerk wat met die Bybel moes regkom in 'n heidense wêreld, tot in ons post-Christelike samelewing en "beskawing". Die mens het stadigaan op 'n troon geklim waar hy God nie meer nodig het nie en self besluit en heers.

Dit is inderdaad verleidelik om hieruit af te lei dat God die mensdom op hierdie manier lei na volwassenheid en selfstandigheid. Die ou Christelike waarhede stry met ons moderne menslike gevoelens. 'n God wat sy Seun laat ly en doodmaak uit liefde vir ander, wat miljarde mense, sy eie skepsels, vir ewig in 'n poel van vuur sal folter omdat 'n verre voorouer 'n verbode vrug geëet het, en wat dit alles net so beplan het, dit maak geen sin vir die moderne mens nie. Hoe kan Christene nog vashou aan hierdie sienings en dit selfs nog uitdra in die wêreld?

Inderdaad moet ons maar erken dat ons 'n uiters beperkte verstaan van God het. Hy het ons slegs dit geopenbaar wat nodig is vir ons saligheid. Maar dit word toenemend 'n uitdaging om vas te hou aan ons fundamentele opvattings soos ons dit aflei uit die Bybel. Dit stry met ons verstandelike (rasionele) en moderne denke as mense van die 21e eeu. Dit vra kinderlike geloof en vertroue en besef van ons beperktheid. Binne hierdie spanningsveld leef ons en moet ons standpunt inneem.

Dit vra **kennis** van die Bybel, **insig** in die samehang daarin en bowenal **wysheid** om die Christelike geloof toe te pas in ons lewe, kerk en samelewing.

In hierdie weke, waarin ons terugkyk op ‘n jaar in ons lewe wat verby is en vorentoe kyk en beplan vir ‘n jaar wat voorlê, het ons twee sake tot ons beskikking. Een is die **vakansietyd**, met rus van ons werke en aandag vir ander sake as die voortjaag in ons lewe, met ‘n fokus op ons gesin of familieverbande en met rekreasie in die pragtige skepping waarin ons leef. Die ander is die **Kersfees** wat ons vier. Christus het gekom om ons te verlos van ons sondeskuld en moeites, om ons op te hef bo die sinlose gejaag na meer en beter. Hy is die Lig vir die wêreld en gee ons perspektief op wie ons werklik is en wie God is. Hy wil ons werklik re-kreëer. Mag ons die komende weke ervaar as ‘n herskepping in ons lewe, tot eer van die Drie-enige God. Die ou *Kompas*-redaksie wens u Christus se heil en seën toe vir die nuwe jaar. Ons gaan heil-saam vorentoe.

Hans Moes

KERSFEESVIERING

Prof NH Gootjes*

SAMELEWING

Instelling van Kersfees

Kersfees is seker een van die belangrikste feeste van die jaar. Dit word oor die hele wêreld as ‘n spesiale dag herdenk en vir die meeste mense is dit ‘n vakansiedag. Dit was egter nie altyd die geval nie. Daar is byvoorbeeld geen aanduiding dat die Nuwe Testamentiese kerk Kersfees gevier het nie; nòg in Handelinge nòg in enige van die briewe van Paulus word daar melding gemaak van die geboortedag van Christus wat as spesiale dag herdenk is. Inteendeel, die Nuwe Testament maak glad nie eens melding van ‘n spesifieke datum as die geboortedag van Christus nie. Om Kersfees te vier, is definitief nie ‘n Nuwe Testamentiese gebod nie.

Dit het ‘n aantal eeue geduur voordat Christus se geboortedag ‘n spesiale dag geword het. Ons gaan terug na die begin van die vierde eeu, toe daar die eerste keer melding gemaak is van ‘n spesiale fees ter herdenking van Jesus se geboorte. Later in dieselfde eeu het die kerk van Rome hierdie gebeurtenis gekoppel aan 25 Desember. Hier is die gewoonte om ons Heiland se geboortedag op 25 Desember te vier, gebore, ‘n suiwer menslike instelling.

Ons word gevolglik gekonfronteer met die vraag of ons dan inderdaad ook Kersfees kan vier. Is dit ‘n goeie gewoonte om ‘n dag af te sonder om Christus se geboorte te herdenk? Indien die Skrif nie eers die datum noem nie en ook geen aanduiding gee dat dit herdenk moet word nie, moet ons dit dan wel doen? Sou dit nie beter wees om die viering van hierdie humanistiese dag heeltemal te stop nie?

In die Ou Testament lees ons hoe God self verskeie feeste ingestel het. Een van hierdie feeste was ook ‘n herdenkingsfees: Paasfees. Tydens hierdie fees is die uittog uit Egipte herdenk en gevier, dit was die dag van bevryding van die tirannie oor en onderdrukking van die Israeliete deur die Egiptenaars. Die Israeliete moes aan hul kinders verduidelik hoe die Paasfees die swaar tyd in Egipte in herinnering roep en ook hoe God sy volk van hierdie slawerny verlos het, sodat hulle nie weer hierdie swaar straf hoef te ondergaan nie (Exodus 12). Israel het die groot wonderwerke waardeur God hulle verlos het, gevier en herdenk (Psalm 77:11-15).

In hierdie geval is die fees op die direkte gebod van God, maar daar was ook ander gevalle. Later in Israel se geskiedenis het God sy volk weer eens gered – deur die optrede van koningin Ester. Dit het gelei tot die instel van ‘n nuwe fees: die Purimfees. Daar is egter geen aanduiding in die Woord dat God die instelling van hierdie feesdag beveel het nie. Die fees is deur Ester self en haar oom Mordegai gereël (Ester 9:29-33).

Seker een van die grootste wonderwerke wat God ooit vir sy volk gedoen het, is om sy Seun na die wêreld te stuur vir ons verlossing. Die belang van Christus se geboorte vir ons is verseker ‘n viering werd. Met die instelling van Kersfees as kerklike fees in die vierde eeu het die kerk van daardie tyd eenvoudig verder gegaan in die rigting wat God in sy Woord aantoon.

Kersfees afgestel

Die Reformasie wat gedurende die sestiende eeu plaasgvind het, met manne soos Luther, Zwingli en

Calvyn, het die viering van Kersfees beïnvloed. Erger nog, daar is ‘n wydverspreide poging aangewend om Kersfees, saam met ander feesdae, af te stel. Die sinode van Dordrecht het in 1574 die radikale besluit geneem om Kersfees af te stel. Die sinode wou sien dat die mense tevrede is met die Sondag as feesdag. Daarom moes die evangelie van Christus se geboorte op die Sondag wat 25 Desember voorafgaan, gepredik word. Tegelykertyd moes die gemeente daaraan herinner word dat Kersfees nie meer gevier sou word nie.

Dit klink ongeloofbaar dat ‘n sinode van Gereformeede kerke ‘n feesdag ter herdenking van die geboorte van ons Verlosser sou afstel. Die handeling van die sinode is egter meer verklaarbaar wanneer dit teen die agtergrond van die tendense van daardie tyd gesien word. Dit wil voorkom of die aantal spesiale kerklike feesdae in die voorafgaande eeu geweldig toegeneem het. Die feit dat die mense op daardie dae nie gewerk het nie, het gelei tot dronkenskap en ander vergrype. Voor die Reformasie was daar dan ook om hierdie rede reeds pogings om die aantal feesdae te verminder.

Die Hervormers het hiermee saamgestem. Luther wou op ‘n stadium selfs wegdoen met alle feesdae wat die kerk gevier het. Calvyn het saamgestem dat hierdie dae afgestel moet word. In daardie tyd is daar daagliks tyd gewy aan die verkondiging van die evangelie. Calvyn het dan ook geweier om op Kersdag enige spesiale boodskap rondom die geboorte van Christus oor te dra. Hy het oor die belangrikheid van Christus se geboorte gepreek op die Sondag voor 25 Desember en op Kersdag dan gewoon voortgegaan met die Bybelboek waarmee hy besig was.

In hierdie lig gesien, kan ‘n mens die Nederlandse kerke se behoefte om weg te doen met die spesiale feesviering rondom Kersfees, verstaan. Die hele praktyk van feesdae het tot allerhande euwels gelei.

Die poging om Kersfees af te stel, het egter gefaal. Die stadsrade van die verskillende stede het Kersdag as openbare vakansiedag behou en daarom het die kerk toe gevoel dat dit dan beter sal wees om eredienste op daardie dag te hou eerder as om die mense aan hul eie lot oor te laat. Dit sou dan ‘n dag wees wat fokus op die geboorte van Christus, daarom moes die mense se gedagtes besig gehou word met hierdie heilsfeit en met die lees en bestudeer van die Woord. Dit is die agtergrond tot die kerklike instelling van Kersfees.

Kersfees vandag

In ons samelewing en wêreldwyd is Kersfees ‘n vakansiedag. Die meeste mense hoef nie te werk nie en het die dag vry. Dit klink dalk soos ‘n internasionale oorwinning vir die Christendom, maar dit is nie so nie. Al word die dag nog na Jesus Christus vernoem (*Christmas* in Engels), het die viering van die dag self meestal niks met Hom of sy geboorte te doen nie.

Almal pas die dag aan om by hul eie behoeftes te pas. Die winkels oortuig ons dat Kersfees die tyd is om allerhande luukshede te koop. Dit het die dag geword wat in die teken staan van geskenke gee en ontvang. Die belangrikheid van Christus het vervaag en Kersvader het sy plek ingeneem – die vrolike mannetjie wat vreugde en blydskap in die gesinne moet bring! Die winkels en besighede floreer op die spandabelrigheid. Ander fokus op die vryheid wat die mense in daardie tyd het: toer die wêreld vol om weg te kom van die koue, of juis om ‘n slag ‘n wit Kersfees mee te maak!

Te midde van al hierdie kommersialisasie het die belangrikheid van Christus se geboorte vervaag. Dit het die dag geword van genieting van die goeie lewe en die mens se gasvryheid en welwillendheid. En indien dit vir ons ook die geval is, kan ons Kersfees inderdaad maar afstel. Nêrens word ons deur God se Woord beveel om Christus se geboorte te vier nie, maar ‘n Christusfees sonder Christus is soos ‘n vrug wat mooi lyk aan die buitekant, maar van binne heeltemal vrot is. Dit stink! Ons kan verstaan waarom die kerk van die sestiende eeu maar liewer probeer het om Kersfees af te stel.

Maar daar is ‘n beter manier. Eerder as om dit af te stel, laat ons dit liewer weer herdenk met die oorspronklike bedoeling in gedagte. Laat ons die geboorte van ons Saligmaker vier – ‘n gebeurtenis van veel groter belang en omvang as die redding waarvan die volk tydens die Purimfees gesing het. Die kerk doen daarin reg om dae wat die groot dade van God in die geskiedenis herdenk, as feesdae te proklameer. Die geboorte van Christus kwalifiseer tog sekerlik as een van die grootste wonderdade van God – en dit om ons verlossing te bewerk! Kersfees is dan wel ‘n menslike instelling, maar daar is alle rede om Christus se geboorte te vier. Ons kan so ons dankbaarheid aan God wys vir die geboorte van sy Seun. Met Christus in die middelpunt is ons fees geen leë, oppervlakkige ontspanning nie, maar die uitbundige vreugde van mense wat op die randjie van die dood gestaan het, maar gered is!

Professor Gootjes is hoof van die Teologiese Kollege van die Kanadese Gereformeede Kerke en professor in Dogmatiek. Hierdie artikel het die eerste keer in die laaste uitgawe van die jaar 2000 van die Clarion verskyn. Dit is vertaal n.a.v. die verskyning in Una Sancta (16 Desember 2006).

• ‡ • ‡ •

KERK, EKUMENE EN SENDING

Ds Eugene Viljoen

TEMA: KERSFEES

Dit mag vir ons lyk asof hierdie drie sake 'n eenheid vorm wat onbreekbaar is. En dit hoort ook wel so. In die huidige denke wêreldwyd oor sending is die plek van die kerk in hierdie (drie-)eenheid glad nie meer so seker nie. Die kerk verdwyn byna geheel uit die prentjie. In die plek daarvan kom die koninkryk van God te staan. Een van die opvallendste gevolge is dat gemeentestigting en die gepaardgaande toevoeging van bekeerlinge tot die kerk, glad nie meer die prioriteit kry wat dit behoort te geniet nie. Verskuiwings in die verstaan van wat ekumene in hierdie verband is, bly nie uit nie.

Plantatio ekklesiae - kerkplanting

In die moderne sendingwetenskap (missiologie as u wil!) word groot klem geplaas op die dienende karakter van die kerk ten opsigte van die wêreld. Die kerk is daar om te dien en bevrydend in die samelewing op te tree. Die tradisionele verstaan van sending as kerkplanting wat tot stand kom deur bekering van 'n lewe in duisternis na die gawe van lewe in Jesus Christus, word gesien as 'n ver-individualisering van die verlossing. Toevoeging van bekeerlinge tot die kerk word sekondêr of word gesien as sonder bestaansreg.

In hierdie verband word 'n sprekende beeld gebruik. Die kerk word gesien as 'n huis wat besig is om te brand. Uitreikwerk na die wêreld deur 'n sendeling om bekeerlinge by die kerk te voeg, word gelykgestel aan 'n kranksinnige wat sy oes in 'n brandende skuur indra. Hiermee word die kerk teruggeroep van die sendingveld. Die probleem word nie meer gesien buite die kerk nie, maar in die kerk. Die kerk moet word wat dit veronderstel is om te wees – kerk van Jesus Christus te midde van die volke van die wêreld. Bepalend vir die toekoms van die koninkryk van Christus is nie meer wat "buite" op die sendingveld gebeur nie, maar deur wat in die kerk self plaasvind.

Toevoeging tot die kerk speel in die model hierbo beskryf, eintlik geen rol meer nie. Die inlywing in die kerk het in elk geval daarvolgens geen teologiese begronding meer nie. Die kerk leef nie meer haar sendingsroeping uit deur 'n verkondiging van die evangelie aan almal nie. Haar missionêre karakter word bepaal deur die verkondiging van 'n evangelie wat "universeel" is. Die lyne van kerk na sending as aktiwiteit waardeur mense tot die kerk toegevoeg word, loop dus nie meer so duidelik soos voorheen nie. Volgens die bekende Nederlandse sendingkundige, Verkuyl, is dit 'n model wat té veel die kerk in die sentrum plaas ("ekklesiosentries"). Hy bepleit daarteenoor 'n model wat meer die koninkryk van God in die middel plaas ("regnosentries"). Kerk en sending kom hiermee in 'n verwyderde verhouding tot mekaar te staan.

Kerk en sending

Voordat nog enige betekenisvolle woord gesê kan word oor die kerk se plek in sending, behoort ons aandag te hê vir God wat die wêreld só liefgehad het dat Hy sy eniggebore Seun na die wêreld gestuur het. Die Eerste wat stuur en kom, is God Self. God self het in hierdie wêreld 'n sending. Heel mooi is die inset van die Dordtse Leerreëls by hierdie sending van God. In die eerste hoofstuk paragraaf 2 word by God se sending in hierdie wêreld begin as antwoord op die mensdom se vloek onder die sonde.

Daarby laat die Here God dit nie. Christus self skakel sy dissipels / apostels by hierdie Goddelike sending in wanneer Hy hulle uitstuur net soos die Vader Hom gestuur het. Op hierdie fondament van die apostels en profete word die kerk van Christus verder gebou. Hierdie bouwerk is kerk-werk. Daarmee bedoel ek dat dit die kerk self is wat, vervul met die krag van die Gees, bou aan die woonplek van God op aarde. Die gelowiges word in die huis ingebou, maar bou tegelyk self ook aan die huis.

Dit het mode geword om van Christus se gemeente te praat as "missionêre" gemeente. Dit is nie onbelangrik dat op hierdie manier die sendingstaak wat aan die gemeente verbind is, na vore gebring word nie. Die gemeente is nie net missionêr nie, maar dit vertel wel iets baie belangriks oor die karakter van die gemeente en haar roeping. Ons mag en behoort te sê dat dit deel van die wese van gemeente-wees is om te leef met die bewuste roeping om Christus se aanspraak op die wêreld en sy mense ook buite eie gemeente bekend te maak.

Kerk, sending en ekumene

Die verkondiging van Christus ook buite eie gemeente sou kon beteken dat ons dit op ons eie kerklike voorstoep doen of verder weg van eie adres. Die een gemeente sal moontlikhede hê wat die ander nie het nie. Ons hoef ook nie só 'n klem te plaas op die roeping van die plaaslike gemeente om die evangelie na buite uit te dra asof elke gemeente per definisie moet begin werk aan 'n groot evangelisasie-projek nie.

Dit is in hierdie verband dat die verhouding ekumene en sending kon-

kreet gestalte kan kry. Elke gemeente behoort doelbewus en aktief gawes, tyd, middele (ook finansieel) en energie te rig op die missionêre roeping van die gemeente. Dit beteken nog nie dat elke gemeente besig hoef te wees met ‘n eie projek nie. Deeglike aanpak van sending- en evangelisasie-programme vra nie net baie aandag nie, maar veral ook volgehoue aandag. Of die drakrag in een enkele gemeente altyd aanwesig is, is te betwyfel. Samewerking juis om die evangelie uit te dra is altyd ‘n baie mooi manier waarop die ekumene gestalte kry.

‘n Oordrewe selfbewussyn van die plaaslike gemeente se belang het al baie daartoe gelei dat die sig op die ekumene spesifiek in die sending nie goed ontwikkel is nie. Ons hoef nie daarvan uit te gaan dat al die gawes en middele wat nodig is om op ‘n verantwoorde manier sending / evangeliesasie te doen, in enige spesifieke gemeente teenwoordig moet wees nie. Dit is baie mooi as ‘n gemeente so ryklik deur Christus geseën is met gawes. Die werklikheid is dat daar min gemeentes is wat beskik oor die gawes wat nodig is om oor ‘n langer termyn hou met ‘n sendingprojek vol te hou.

Die beperktheid van gawes kom soveel te meer na vore wanneer daar verder gepoog word om oor kultuurgrense heen na mense uit te reik. Laat ons eerlik wees – noodsaaklike kundigheid ontbreek dan dikwels en die afwesigheid van kundigheid kan selfs die evangelie grootliks skade berokken. Hoe mooi is dit dan as in die sendigwerk die eenheid in die geloof tussen kerke uitdrukking kan kry. Kerke kan mekaar op ‘n baie konkrete manier bystaan in die uitdra en verdediging van die geloof op plaaslike, nasionale en selfs internasionale vlak. Die band tussen sending en ekumene is hierin vanselfsprekend.

Besinning

Hierdie uitgangspunte in die sendingwerk kan en moet ewe goed toegepas word op die evangelisasiewerk. Dit is daardie werk wat ons dikwels nader aan eie kerklike huis doen. Die meeste kerke sukkel om op ‘n konstruktiewe manier aan die gang te kom met georganiseerde uitreikaksies met die evangelie. Op ‘n beskeie manier wil ek met hierdie skrywe besinnig vra oor die moontlikhede van samewerking tussen kerke onderling en binne bestaande kerkverbandelike strukture. Daar is werk genoeg, geleenthede te veel en gawes genoeg, as ons maar almal bereid sal wees en bly om nie vanuit ons eie kleiner (plaaslike) kerklike verwysingsraamwerk te dink nie.

KERSFEES IN DIE OU TESTAMENT AANGEKONDIG

Ds Cees Kleijn

TEMA: KERSFEES

Sal ons wel Kersfees vier? Van die ander Christelike feesdae soos Goeie Vrydag, Pase en Pinksterdag, kan ons sê dat hulle by Ou Testamentiese feesdae aansluit. Hulle kan ook presies gedateer word. Ons kan weet wanneer Christus aan die kruis gesterf het, wanneer Hy opgestaan het en wanneer Hy sy Gees uitgestort het. God het dit vir ons so te sê op die kalender gesit. Dit kan nie van Kersfees gesê word nie. Kersfees vind geen aansluiting by ’n bekende Bybelse feesdag nie. Ons weet ook nie presies op watter datum Christus gebore is nie. Ons weet wel dat dit nie op 25 Desember gebeur het nie. Wat gee ons dan die reg om die geboorte van Christus wel op die Christelike kalender te plaas en dit te vier? Moet ons dit nie los nie?

In die Ou Testament het God die goeie nuus van verlossing van sondaars deur Christus reeds verkondig. Ja, God het reeds die Christus verkondig. Dit begin by die bekende moederbelofte van Genesis 3:15. Die saad van die vrou sal die kop van die slang vermorsel. Hoe verder ons in die Ou Testament kom, hoe duideliker word dit Wie die verlossing sal bring. Hy sal ’n nakomeling van Abraham wees. In Hom sal al die geslagte van die aarde geseën word (Gen. 12:2,3; 18:18; ens). Hy sal uit die stam van Juda voortkom (Gen. 49:10). Hy sal uit die huis van Dawid wees (2 Sam. 7:16; Jer. 23:5; ens). God laat in Miga 5:1 ook weet waar die Verlosser gebore sal word. Deur die Ou Testamentiese offerdiens en ander seremonies van die wet vertel God ons ook hoe Hy die verlossing tot stand sal bring. Dit word heel duidelik verklaar in

Jesaja 53. So kan ’n mens tallose verwysings na die Christus in die Ou Testament vind. Tereg het die Here Jesus gesê dat die Skrifte van Hom getuig (Joh. 5:39). Die hele Ou Testament verkondig Christus en sy verlossingswerk.

’n Uitsonderlike geboorteberig

Die Ou Testament verkondig nie net Christus en sy werk nie, maar vestig ook nadruklik die aandag op sy geboorte en koms. In Jesaja 9:5 ontvang ons selfs ’n uitdruklike geboorteberig: “Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee.” ’n Opvallende geboorteberig. Die profeet Jesaja moes hierdie berig namens God opstel.

Wat nog meer opvallend is, is dat hierdie geboorteberig die wêreld ingestuur word meer as 700 jaar voordat Jesus Christus gebore is. Wie gaan nou 700 jaar voor iemand se geboorte sê dat hy gebore is! Die Here doen dit. Hy kan dit doen omdat wat Hy sê, ook metterdaad gebeur. Niks kan dit keer nie. So seker mag Jesaja en God se volk van hierdie geboorte wees dat dit 700 jaar voor die tyd vermeld kan word as ’n werklikheid. Hulle mag hul nou reeds daaroor verheug en hulself daarmee vertroos.

Hierdie geboorteberig is nog op ’n ander manier baie opvallend. Dit gaan oor ’n wonderkind. ’n Mens praat dikwels eers agteraf van ’n wonderkind. Soms droom ouers miskien daaroor. Maar eers mettertyd sal uit die kind se ontwikkeling blyk of hy ’n wonderkind is of nie. In sy geboorteberig maak Jesaja 700 jaar vantevore reeds melding van ’n wonderkind. Die verskyning van hierdie kind as wonderkind staan reeds vantevore vas. Dis dan ook nie ’n gewone kind deur mense verwek nie, maar van God aan ons mense gegee. “Die ywer van die HERE van die leërskare sal dit doen” (Jes. 9:6).

Luister maar na die pragtige name wat Hy ontvang: “... en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors.” Sy name tipeer Hom. So is Hy. So werk Hy. Hierdie kind is werklik ’n wonder. In Christus bereik God se wonders van verlossing hul hoogtepunt. Hy is wonderbaar. ’n Wonder van ’n raadsman. Ons hoor hierin: die Here is wonderbaar van raad, groot van beleid (Jes. 28:29). Dit sal in die lewe van hierdie wonderkind werklikheid word, soos nooit tevore nie. Hy is nie net wys nie, maar ook sterk, selfs almagtig, “Sterke God”. Hy kan en wil en sal in nood, selfs as ons sidder vir die dood, volkome uitkoms gee (Ps. 68:9 ber.). Hy is magtig om te red. Hy sal soos ’n Vader vir sy volk wees. Vol sorg en liefde. Daarom word Hy ewige Vader genoem. Jy kan altyd op sy sorg en beskerming staatmaak. As Vredevors gaan Hy die vrede herstel. Oorlog en verdrukking, geweld en bloedvergieting, sonde en vervreemding was en is aan die orde van die dag. Hierdie wonderkind bring die ware vrede tot stand deur die sonde en sy gevolge aan te spreek. Vrede tussen God en ons mense, vrede tussen die mense onderling, volkome harmonie in God se skepping, herstelde paradys. En die heerskappy is op sy skouer. Hy sit op die troon van Dawid. Jesaja 9:6 praat van die vermeerdering van sy heerskappy. Sy heerskappy sal hom oor die hele wêreld uitstrek. Hy sal ’n volk vergader uit alle stamme en tale van die aarde. So omvat sy ryk ook donker Afrika, inklusief ons reënboognasie Suid-Afrika. Dieselfde vers noem ook die basis van sy heerskappy. Hy sal dit vestig op reg en geregtigheid. Is dit nie wat ons in ons land vurig begeer nie: reg en geregtigheid?

Die takkie uit die stomp van Isai

Die profeet Jesaja vestig ook nog op ’n ander manier aandag op die koms van Jesus Christus. In Jesaja 11:1 profeteer hy: “Maar daar sal ’n takkie uitspruit uit die stomp van Isai, en ’n loot uit sy wortels sal vrugte dra.” Let daarop dat Dawid se naam hier nie eers genoem word nie. Van Dawid se glorie en van sy ryk sal niks oorbly nie. Juda sal in ballingskap weggevoer word en ná die ballingskap sal daar nie meer ’n koning van die Dawidshuis op die troon sit nie. Die huis van Dawid val terug na die onaansienlikheid van sy oorsprong, toe Dawid nog in Betlehem by sy vader skape opgepas het. Dit is die rede waarom daar in die teks sprake is van die stomp van Isai. Daar het slegs ’n stomp oorgebly. Die boom het verdwyn – hy is afgekap.

Maar kyk! Uit daardie skynbare dor stomp kom nuwe lewe voort! Menslik gesproke kan daar niks meer van die huis van Dawid verwag word nie. Dit lyk of die vervulling van die Messiaanse beloftes aan Dawid nog nooit so ver weg was nie. Dit lyk of dit nou onmoontlik geword het. Kan uit daardie stomp God se Messiaanse ryk nog voortkom? Maar juis in daardie situasie, waar dit menslik onmoontlik lyk, juis daarin openbaar God sy krag. As alle menslike paaie doodgeloop het, as die mens gekonfronteer word met sy eie onmag, dan toon God sy Almag. Hy gaan nuwe lewe wek uit daardie afgekapte stomp. ‘n Loot sal daaruit voortspruit. ’n Klein begin. Onopvallend en onaansienlik. Jesus sal in die vervalle huis van Dawid, in ’n stal, gebore word. Maar hierdie begin sal wel ’n geweldige vervolg hê.

‘n Mens vind soortgelyke aankondigings van Christus se koms in die profesieë van Jeremia en van Sagaria. Daar word hierdie takkie as Spruit aangedui. Jeremia profeteer: “Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid ’n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land” (Jer. 23:4; vgl. Jer. 33:15). Ná die ballingskap gryp Sagaria op daardie woorde terug wanneer hy profeteer: “Want kyk, Ek sal my

Kneg, die Spruit, laat kom!" (Sag. 3:8; vgl. Sag. 6:12). Wat in die profesieë van Sagaria opval, is dat die koms van die Spruit juis vir die priesters aangekondig word. In hierdie Spruit sal die priesters hul vervulling en bekroning vind. Van hierdie Spruit word mos gesê dat Hy 'n priester op sy troon sal wees (Sag. 6:13). Hy sal die Priesterkoning wees waarvan Psalm 110 spreek.

Herdenk God se nuwe begin

In die Ou Testament het God Jesus se koms en geboorte dus uitdruklik aangekondig. God Self het by sy kinders die verlange na sy nuwe begin in die geboorte van die Verlosser, die Spruit, opgewek. Ons sien dat God in die Nuwe Testament opnuut heel nadruklik ons aandag op die geboorte van Jesus Christus vestig. Hy stuur sy engel Gabriël na beide Maria en Josef. Hy laat Maria en Sagaria profeteer en sing van God se nuwe begin, volgens die belofte. Hy laat 'n engel die geboorte van ons Verlosser aan die herders van Betlehem verkondig. Hy laat 'n groot menigte van engele die Kersboodskap aan ons voorsing. Hy skakel selfs die sterre in om die wyse manne uit die Ooste tot aanbidding van die gebore Koning te roep. Hemel en aarde moet die Here loof vir sy nuwe begin in die koms en geboorte van Jesus Christus. Sou ons dan nie die heilsfeit van Christus se geboorte herdenk nie? Op watter dag ons dit doen, is nie belangrik nie, maar dat ons dit doen, is gepas vir 'n Christen wat leef in verwondering oor God se wonderbaarlike nuwe begin. Die evangelie van Kersdag wil gehoor word tot eer van God en tot ons troos.

RUS MY SIEL, JOU GOD IS KONING!

H.J.C.C.J. Wilschut

NUWEJAARSBOODSKAP

'n Nuwe jaar. Dit bring onvermydelik allerlei nuwejaarsboodskappe mee. Maghebbers rig hulle tot hul volk. Spreek goeie wense uit. Daarby is ingesluit die ideale waarvoor hulle hul wil beywer. Via die media mag ons saamkyk en saamluister. En dan hoop ons dat iets daarvan bereik gaan word.

God se nuwejaarsboodskap

Aan die begin van 'n nuwe jaar en 'n nuwe jaargang wil ons saam bemoediging soek in die Skrif. Dit is goed om die groot raamwerk van alle gebeure in kerk en wêreld onder oë te sien. Ons staan stil by Esegiël 29:17 e.v.

Ook hier het ons te doen met 'n soort nuwejaarsboodskap. Dit staan presies so daar geskrywe: "En in die sewen-en-twintigste jaar (d.i. ná die wegvoering na Babel), *in die eerste maand, op die eerste van die maand*". Dit is dus nuwejaarsdag. Met 'n boodskap van die Koning van hemel en aarde. Dit sal dus wel goed gaan. By hierdie Maghebber het jy nie nodig om dit *af* te wag nie. By Hom mag jy dit werklik *ver*wag.

Situasie

Dit was vir die koning en die leër van Babel nie maklik om Tirus in die hande te kry nie. Tirus was 'n magtige handelstad. As gevolg van sy ligging op 'n rotseiland was dit amper onmoontlik om dit in te neem. Die beleëring het dan ook dertien jaar lank geduur.

Uiteindelik moes Tirus sy trotse hoof buig. Maar finansieel het koning Nebukadnesar en sy leër feitlik geen baat daarby gevind nie. Het Tirus by die oorgawe dalk vir gunstige voorwaardes beding? Het hulle die grootste rykdomme vroegtydig in veiligheid gebring? Of het die langdurige beleëring soveel gekos dat Tirus se rykdom nie werklik kompensasie daarvoor gebied het nie? Hoe dit ook al sy, koning Nebukadnesar en sy leër het nouliks iets daarby gewen.

Loon

Leë hande. En dit na soveel inspanning en stryd. Dan voel 'n mens gekul. Opvallend. Die Here dink ook so. Nie omdat dit jammer is vir die koning van Babel en sy leër nie. Vir die Here is dit 'n kwessie van *reg*. Meer spesifiek: *arbeids*reg. Die arbeider is sy loon werd. Daarom het ook Nebukadnesar en sy leër reg op buit. Het hulle tekort geskiet by Tirus? Geen probleem nie! Die Here gee die land Egipte met al sy rykdomme as kompensasie. In die woorde van Esegiël 29:19-20: dit gaan om loon, om vergoeding. Om agterstallige loon wat nou nog uitbetaal word.

'n Onthullende woord. Die Here teken die verhouding met Nebukadnesar en sy leër as 'n arbeidsverhouding. Daarby is die Here die

groot Werkgewer. Nebukadnesar en sy leër is by God in diens. Nebukadnesar is nie bewus daarvan nie. Die man het sy eie planne en bedoelings om Tirus in te neem. Dit pas in die prentjie van sy magspolitiek. Maar sonder dat hy dit weet, gebruik die Here hom om *sy* planne en bedoelings uit te voer. Waarom moet Nebukadnesar en sy leër na Tirus toe gaan? Om God se rekening aan hulle te bring, die rekening vir die afkeer van God en sy volk. Nebukadnesar en sy planne is opgeneem in die verhewe plan van God, ingeskakel om aan Hom diensbaar te wees. Hoekom het die koning van Babel en sy leër reg op loon? Vanweë bewese dienste, hoe onwetend ook al! *Hulle het vir My gewerk!* Rus my siel, jou God is Koning! Die hele wêreld: sy gebied! En al die magte en maghebbers: in sy diens. Om saam te werk aan die uitvoering van sy plan.

Weg met bysiendheid!

Wat 'n bemoediging aan die begin van 'n nuwe jaar. Dit lyk of mense en magte die diens hier op aarde bepaal. Hulle het hul eie planne en strategieë. Asof God nie meer in die verhaal voorkom nie. Esegiël 29 help ons om van hierdie bysiendheid ontslae te raak. Die God van die kerk, die God en Vader van Jesus Christus, regeer in hierdie wêreld. Op al die paaie van mense en magte, ook op hul eiesinninge en krom paaie, gaan Hy sy regte gang, die voorgenome pad na sy koninkryk. Al die mense en magte moet diensbaar daaraan wees. Ook al is hulle geensins daarvan bewus nie, ook al verstaan ons as kinders van God dikwels nie hoe en hoekom nie, mag ons dit glo: die Here maak daarvan gebruik om sy doel te bereik. Geen paniek nie! Die Here regeer! Ook in die jaar 2008!

Vrymoedigheid

Binnekort word Egipte geplunder. Dit word nie net vir Israel 'n keerpunt nie. Ook vir Esegiël self het dit 'n besondere gevolg. Aan jou sal Ek vrymoedigheid ("opening van die mond") gee om onder hulle – Esegiël se volksgenote – te praat. As boodskapper van God het hy immers die reg om te praat! Die Here doen wat Hy sê. Die feite gee die Here gelyk.

Die reg om te praat. Ook die Christelike kerk in die jaar 2008 het die reg om te praat. Die gemeente het gesien dat God en sy Woord gelyk het, dit is bevestig in die feite van Christus kruis en opstanding. En daarom het sy iets te sê in hierdie wêreld. 'n Boodskap van heil vir elkeen wat glo. Jy kan op die Here vertrou! Dan sal die kerk moet begin om *self* daardie Woord ernstig op te neem. In lewende geloof en daaglikse bekering. Dan sal daardie Woord ook die diens moet bepaal in die kerklike lewe en in die samelewing.

Dit hou ook in: probeer om mekaar opgeskerp te hou. Daaraan wil ons blad ook in die nuwe jaar diensbaar wees. Om mekaar op te skerp, is iets anders as om mekaar skerp te slyp. 'n Kerk egter wat self maklik word as dit kom by die Woord, het steeds minder te sê aan die samelewing rondom haar. Nee, die kerk ontleen nie haar vrymoedigheid aan haar eie geloofskrag nie. Hierdie vrymoedigheid word ontleen aan die Woord van die Here. Juis daarom is dit so belangrik om allereers jouself aan daardie Woord te onderwerp. Wanneer die afstand tussen jou en die Woord groei, dan boet ook die kerk haar seggingskrag in.

Rus my siel, jou God is koning! Op sy spoor sal dit ook in 2008 goed gaan. Maar ook net op sy spoor!

Vertaling van: ***Rust mijn ziel, uw God is Koning!*** *deur H.J.C.C.J. Wilschut. Uit:* ***Nader Bekeken****, jaargang 14(2), Januarie 2007.*

NÚMERI

Carl van Wyk

VENSTER OP DIE BYBEL

In hoofsaak gaan die boek Númeri oor **uitsluiting** en **ingang** in God se beloofde koninkryk - dit is Kanaän. Wie mag die koninkryk binnegaan en wie word ingang geweier? En hoe word uitsluiting en ingang in die koninkryk bepaal?

In die boek Númeri lees ons van die eerste generasie uit Egipte wat die uiteindelike rus saam met Jahwe in die koninkryk misloop. Die volgende generasie ontvang genade om saam met Jahwe vérder te gaan. Tot op die grense van die beloofde koninkryk.

En Númeri maak dit baie duidelik: dit is nie omdat Jahwe se **voorbereidingsplan** vir die opmars en rus na Kanaän misluk nie, maar *omdat Israel nie vérder op Jahwe vir leiding, versorging en beskerming vertrou nie*.

In die eerste plek bied Númeri dan aan ons hierdie plan van Jahwe vir Israel. Dit word vir ons in 2 beelde van Israel saamgevat: Israel op mars na Kanaän en Israel wat saam met Jahwe rus.

Eerstens **Israel op mars na Kanaän**: hierdie beeld word op tweërlei wyse veduidelik. Die reis na Kanaän is voluit 'n **militêre optog** - in gehoorsaamheid aan Jahwe se Woord; 21:22-25. Daarom begin en eindig die boek met 'n opname van mans wat geskik is om op kommando uit te trek; 1:3 en 26:2.

Opvallend is dat die Leviete nie deel van hierdie kommando uitmaak nie. Maar, ook húlle take is gekoppel aan Israel se stryd in die onderwerping van die vyand. Hulle moet die tabernakel en die ark gedurende die optog dra. En alles weer oprig tydens rus; 1:50,51.

Die tabernakel en die ark is vir Israel 'n sigbare herinnering dat Jahwe by sy volk is as **Krygsman** en dat Hy vir hulle veg; Eks. 14:19-31. Sien ook die blaas van die trompette; 10:5-6,9: wanneer die optog begin of vyande teëgekom word, is dit sodat Israel deur Jahwe onthou sal word en hulle van die vyand verlos mag word.

Tweedens **lei** Jahwe Sélf vir Israel op pad na Kanaän; 9:15-23 en 10:11, sien ook Eks. 13:21,22. En sy leiding is soos dié van 'n **Herder**; Eks. 15:17 - Jahwe voorsien vir Israel rus (10:33), kos (11:7) en water (20:8). En baie nou verbind aan Jahwe se leiding van Israel is sy voorsiening van leiers vir die volk; 27:15-23.

Vervolgens kyk ons nou na die volgende beeld - **Israel wat saam met Jahwe rus**:
In die eerste plek word die groot leër van Israel **geordend** rondom die tabernakel opgestel. Met 'n stamhoof oor élke stam. Verder word die **eenheid** van Israel ook beklemtoon deurdat 3 stamme 'n leërafdeling uitmaak.

Hierdie beeld fokus ook op die **teenwoordigheid van Jahwe** in die midde van sy volk. Ons sien dit in die sentrale plek wat die tabernakel in die opstelling van Israel inneem. Vir Jahwe om in die midde van sy volk te wees moet die laers van Israel nie verontreinig word nie; 5:1-4. 'n Volle teruggawe moet gedoen word t.o.v. vervreemde goed; 5:5-10. Enige skroom van ontrouheid moet voor Jahwe gebring word vir beoordeling; 5:11-31. Sodoende sal Jahwe se teenwoordigheid nie wyk of 'n bedreiging vir Israel wees nie.

Die Leviete (in die plek van ál die eersgeborenes in Israel) se opstelling tydens rus is ook geordend en onder gesag. En hulle moet weer **tussen** Israel en die tabernakel laer opslaan; 1:53. Deur hulle dienswerk by die tabernakel (ín Israel se plek) - saam met die priesters - doen hulle versoening vir die héle Israel, sodat geen plaag op die kinders van Israel kan kom nie; 8:19.

Die nasireërsgelofte (6:1-21), 'n gelofte van heelhartige toewyding aan Jahwe, wys op die gesindheid wat Israel teenoor Jahwe moet hê. Hierdie manne is 'n herinnering vir Israel dat nie nét die priesters afgesonder is nie, maar dat die héle volk 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie is; Eks. 19:6.

Tweedens: die bostaande beeld word vérder verduidelik deur vooruit te kyk na wanneer Israel saam met Jahwe in Kanaän rus. Élke familie moet 'n erfdeel kry en dit moet in die geslagte bewaar word; 27:1-11 - volgens Jahwe se voorsienigheid; 34:13. Dié wat reeds 'n erfdeel kry - nog voordat die land in besit geneem is - moet hulle broers help veg om ook húlle erfdeel te kan inneem. Dit beklemtoon dus die **verdere eenheid** in die mars (veg) asook die rus in die land; 32:1-42.

Hierdie 2 bostaande beelde van Israel word in Númeri soos volg saamgevat: die **priesterlike seën deur Aäron**; 6:22-27. Dit beklemtoon die genade, seën en vrede in Jahwe se Naam vir Israel. En dit word verder onderstreep deur **Moses se woorde** in 10:35,36. Hierdie woorde roep Jahwe as Krygsman en Herder aan, teenwoordig in Israel se midde.

Ten slotte beskryf Númeri hoe Israel beantwoord aan bostaande plan van Jahwe, dit is: hoe is aan hierdie plan uitvoering gegee? En te midde hiervan word ook die karakter van Jahwe na vore gebring.

Ons sien dit in die volgende drie aspekte:

- **t.o.v. die uitdagings in die woestyn:** (11:1-35; 16:13,14; 20:3-5; 21:5) Ofskoon die optog na Kanaän goed begin (10:11-36), bring uitdagings in die woestyn aan die lig waar Isael se hart is. Israel kla dat dit **sleg** met hulle gaan; 11:1-3. Daar is ontevredenheid oor Jahwe se manier van kos- en watervoorsiening; 11:4-35, 20:5; sien ook by 11:18b, 16:13,14, 20:5, 21:5.

Die primêre fokus is heeltyd Kanaän (en die woestyn) en Egipte wat teen mekaar afgespeel word: Egipte word deur Israel **goed** verklaar en Kanaän (en die woestyn) word 'n **slegte plek** genoem. Dus: dit wat Jahwe goed noem, verklaar Israel as sleg.

- **t.o.v. Jahwe se leiding deur sy leiers:** (12:1-16; 16:1-17:13) Númeri bevestig aan ons dat Jahwe die ware Leier van Israel is; 9:15-23, 11:10-30. Maar, Hy maak ook van mense gebruik om sy volk te lei - eers Moses en Aäron. (Moses sal later deur Josua vervang word; 27:12-23. En Aäron word deur sy seun Eleásar vervang; 20:22-29). Dit is die wettig aangestelde leiers deur Jahwe.

Hoofstukke 12:1-16, 16:1-17:13 maak duidelik hoe Jahwe teenstand teen hierdie wettig aangestelde

leiers beoordeel. Hoofstuk 12:1-16 bestempel sulke optrede as **dwaasheid** (12:11) en dit lei tot verwydering uit die gemeenskap van Jahwe met Israel. In die geval van 16:1-17:13 word dit onmiddelik met die **dood** besoek.

Verder word dit ook duidelik gemaak wat die **kriterium** vir leierskap is; 27:18 - *"...'n man in wie die Gees is..."*. Dit sal verseker dat die leiers herders vir die volk sal wees; 27:17 - 'n weerspieëling van Jahwe se leiding as Herder oor sy volk. Sagmoedigheid (11:29, 12:3) en vertroue in Jahwe (20:12) moet hulle optrede kenmerk te midde van teenstand.

- **t.o.v. die uitdaging wat Kanaän bied:** (13:1-14:45) **Slegte gerugte** oor Kanaän (God se toekomstige heiligdom; Ex. 15:17) deur die 10 verspieders word onmiddellik met die **dood** gestraf. Want dit lei tot Israel se vrees vir die vyand en weer tot die plan om 'n ánder leier aan te stel en na Egipte terug te keer. Ook die leër van Israel moet in die woestyn **sterwe**. Enersyds vanweë hulle vrees vir die vyand en andersyds omdat hulle **dwaas** handel deur die vyand sónder Jahwe te wil aandurf.

Slegs Kaleb en Josua - van die vorige generasie - mag in die **lewe** bly, want húlle verklaar Kanaän *"...**'n buitengewoon goeie land**..."* ;14:7b. En húlle mag (saam met die kinders) verder gaan.

T.o.v. Jahwe se karakter leer Númeri ons die volgende: Eerstens: Jahwe sál oordeel teen diegene - ongeag hulle bevoorregte posisie - wat in opstand is teen sy plan en doel vir Israel en gevolglik vir die nasies; sien 11:1, 11:33, 12:10, 14:26-34.

Tweedens: Jahwe temper sy oordeel met genade. Genade en vergewing word gegee op grond van Jahwe se karakter (14:17-20) en vir sy Naam en die reputasie wat Hy het; 14:15,16 - stadig om te oordeel en vinnig om te vergewe.

Derdens: Jahwe se plan en doel sal nie misluk nie, ten spyte van Israel se ontrou. Hy sal 'n volk bymekaarmaak óf deur Moses (14:12) óf deur die kinders van die ontroue Israel (14:31). Alleen daarom mag die kinders van die vorige generasie verder gaan. Jahwe is dus vasbeslote om die belofte aan Abraham te vervul (seën vir die nasies) deur Israel te seën en hulle die beloofde koninkryk te gee.
In die finale instansie maak die boek Númeri vir ons baie duidelik wie ingang in die beloofde koninkryk geweier word. En wat die maatstaf is waarmee gemeet word.

Die eerste generasie maak sélf uit wat goed en sleg is: **slegte gerugte oor Kanaän en 'n goeie verklaring oor Egipte** (sien die 3 aspekte hierbo). Dit is dieselfde sonde van Adam en Eva in God se heiligdom - Eden; Gen. 3. Dus: die maatstaf waarmee gemeet word, is wysheid en dwaasheid.

Wyse Israel bly steeds op Jahwe se leiding, versorging en beskerming vertrou. En mag saam met Jahwe verder gaan. **Dwase** Israel wil steeds weer na Egipte, want dit is beter (goed) daar. Dit is 'n verwerping van Jahwe se doel in die uitkies van Israel om sy seën na die nasies te bring. En gevolglik word ingang geweier.

KERSVERHAAL

Wilma Pouwels

OPVOEDING EN ONDERWYS

In die vorige *Kompas*-uitgawe het u die span ontmoet wat hulle in die afgelope jare besig gehou het met die vertaling van "Die Bybel aan kinders oorvertel deur Gesina Ingwersen".

Hieronder bied ons u 'n voorsmakie: die Here Jesus se geboorte, om vir u kinders / kleinkinders voor te lees in die feesseisoen wat voorlê.

Die Saligmaker se geboorte
Lukas 2:1—7

Augustus, die groot keiser van die magtige Romeinse Ryk, het ’n bevel uitgevaardig dat sy onderdane getel moes word. Hy wou weet oor hoeveel mense hy regeer. Al sy onderdane se name moes opgeskryf word; daarom moes elke man aanmeld op die plek waarvandaan sy voorgeslag gekom het.
Dit het omtrént ’n opskudding veroorsaak! Honderde mans moes hulle huise en gesinne laat staan om na hulle eie stede te reis. Dit was ’n gepak en ’n gejaag, ’n gereis en ’n getrek! Die mense het vreeslik oor die keiser gekla. Hy het net opdragte gegee sonder dat dit hom in die minste gepla het hoe moeilik dit vir hulle was.

Ook Josef en Maria was diep geskok. Josef moes uit Nasaret na Betlehem, Dawid se geboorteplek, gaan. Hy het immers van Dawid afgestam.
Dit was vir hulle ’n groot probleem. Dat Josef juis tóé moes weggaan, toe die Kindjie se geboorte so naby was en Maria hom nodig gehad het! Moes Maria nou alleen agterbly?
Nee, dít kon sy nie doen nie. Sy moes maar saamgaan. Dít was ook nie maklik nie, maar dit was beter as om alleen agter te bly. Maria het dus alles ingepak wat nodig was vir die reis en vir die Kindjie, en saam met Josef na Betlehem vertrek. Dit was darem hartseer!
Het die Here hulle nou tóg vergeet? Hy is dan so magtig. Kon Hy dan nie sorg dat Maria by die huis kon bly nie?
Ja, die Here sou dit kon doen. Maar Hy het nie.
Hy wou *juis* hê dat Maria na Betlehem toe moes gaan, want die Kindjie moes dáár gebore word, omdat Hy die Seun van Dawid is. Die profeet Miga het dit lank gelede voorspel; hierdie profesie moes vervul word.
Dít is waarom die Here gesorg het dat Augustus sy onderdane laat inskryf het. Die magtige keiser het gedink dat hy oor alles regeer, maar hy het nie geweet dat God oor hom regeer en dat hy niks sonder God se wil kon doen nie. Hy het nie geweet dat hy die inwoners van sy ryk moes laat inskryf omdat daar in Nasaret ’n eenvoudige meisie gewoon het wat na Betlehem toe moes gaan nie. Hy het nie geweet dat hy moes saamwerk om te laat gebeur wat God laat voorspel het nie.

Josef en Maria het egter wél daarvan geweet, al het hulle ook nie alles verstaan nie. Miskien het hulle baie met mekaar oor die profesie gepraat. Dit het hulle getroos, al was dit steeds moeilik. Die Here het hulle nie vergeet nie. Dit moes alles so gebeur.

Toe hulle in Betlehem aankom, het Josef plek gesoek waar hulle die nag kon oorbly en waar Maria ná die uitputtende reis kon rus. Maar hulle was nie die enigstes wat daar moes aanmeld nie. Baie mense het al vóór hulle daar aangekom. Al die huise was vol. “Geen plek nie, geen plek nie.” Dít was die enigste antwoord wat Josef moes aanhoor. Daar was nêrens meer slaapplek nie.
Wat van die herberg? Nee, dáár was ook nie plek nie. Al die beddens was beset. Wat moes hulle nou doen? Maria kon tog nie in die strate bly rondloop nie. Die mense kon mos sien dat sy moes rus. Was daar dan niemand wat sy plek vir haar wou afstaan nie? Die herbergier het op die ou end ’n plan gemaak. Agter die herberg was daar nog strooi.
Hulle kon solank ’n bed daarvan maak, dan kon die arme vrou darem gaan lê. Miskien sou een van die gaste môre vertrek en dan sou daar vir hulle plek wees.

Hartseer gaan Maria en Josef na die stal agter die herberg. Daar vind hulle ’n krip en ’n hoop strooi. Josef maak vir Maria ’n bed sodat sy kan gaan lê en rus. Môre sal daar seker vir hulle plek wees. Die Kind sal tog darem nie in die stal gebore word nie?
Maar werklik, daar gebeur dit tog: in hierdie nag word die Kindjie in die stal gebore. Is dit nou nie vreeslik nie? Niks is armoediger as dit nie. Moet dit só wees? Weet God daarvan? Wil Hy hê dat hierdie Kind in sulke armoede gebore moet word?
Ja, Hy wil dit so hê, want dit is die *beloofde* Kind waarvoor alle gelowige mense gewag het, van Adam en Eva af tot by Josef en Maria. Hierdie Kind het gekom om die wêreld te red, om dit by die duiwel af te vat en dit weer aan God terug te gee. Die wêreld is boos en sondig en verdien God se straf. Die mensdom verdien nie een van God se weldade nie; nie ’n huis, ’n bed, of selfs ’n plek op die aarde nie. Hulle verdien om arm te wees; ja, brandarm.
Daarom is daar vir hierdie Kind nêrens plek nie, want Hy kom om die plek van die mensdom in te neem. Hy kom om God se straf namens hulle te dra. Hy het gekom om arm en verstote te wees, sodat die mense weer met God versoen kan raak en Hy hulle kan seën; daarom het God se Seun al sy mag en heerlikheid in die hemel agtergelaat. Daarom lê Hy as ’n swak en brandarm Kindjie in die krip.

Nee, dit is nie ’n fout nie. God wil dit so hê.
Ofskoon Maria dit nie alles begryp nie, voel sy tog skatryk met haar Kindjie. *Haar* Kindjie.
Maria se Seun, maar o, watter wonder — God se Seun ook. Haar *Kind*, maar ook haar *Saligmaker*.
Wie kan dit begryp? Maria kan nie, en Josef ook nie, maar hulle glo dit en hulle is tog so gelukkig.

God sorg vir alles. Die Saligmaker is gebore. Hy is hier by hulle. Hulle kan Hom in hulle arms vashou. Só naby het God nou aan die mens gekom, nog nader as in die paradys. Sy eie Seun is hier.

Die toekoms mag maar duister lyk. Keiser Augustus mag maar op sy goue troon sit en dink dat hy die wêreld regeer. Maar God se Seun is hier om sy volk te kom red.
Josef en Maria kan nie genoeg na Hom kyk nie. Hulle kan nie oor Hom uitgepraat raak nie, maar oplaas draai Maria haar Kind in doeke toe en lê Hom in die krip neer.
Dan is dit stil in die stal en in Betlehem. Maar Josef en Maria se gedagtes kan nie tot rus kom nie. In hulle harte bly dit juig: die Saligmaker is gebore. Van nou af sal alles anders wees. God is genadig. Daarom gaan dit selfs in die grootste armoede nog goed.

Die boodskap aan die herders
Lukas 2:8—12

Hoe sal die geboorte van God se Seun aan die wêreld bekend gemaak word? Sal daar deftige boodskappers na paleise en kastele gestuur word om die blye boodskap aan hoë en vername mense oor te dra? Of sou daar aankondigers met trompette en vaandels te perd rondgaan om op die straathoeke uit te roep: "Die groot Koning is gebore, die groot Seun van Dawid het gekom!"? Sal daar 'n boodskap na koning Herodes of na keiser Augustus gestuur word wat sê dat die Koning van die konings aarde toe gekom het?
Nee wat! Wat beteken al die aardse prag en praal vir die Seun van God, vir die Koning uit die hemel?
Sy koms word op 'n veel grootser wyse bekend gemaak. Daar kom 'n boodskapper uit die hemel. Nie na keiser Augustus of koning Herodes toe nie; ook nie na die magtige en belangrike mense toe wat meen dat hulle vir hulle eie redding kan sorg nie. Nee, die boodskap kom na die arm mense toe wat met hulle sondes geen raad weet nie, wat na die Verlosser verlang en om sy koms bid.

Daardie nag is daar herders met hulle kuddes in Efrata se velde buite Betlehem. Hulle hou wag en sorg dat hulle vuur bly brand sodat 'n wilde dier nie een van die kudde kom vang nie.
Dit is donker om hulle en ook donker in hulle harte. Hulle was hartseer oor hulle volk wat deur 'n vreemde keiser regeer word. Daar is nie 'n koning uit Dawid se huis wat op die troon sit nie.
Alle roem en eer is weg, maar dít is nie die ergste nie. Hulle verdriet was nog groter omdat dit lyk asof God sy volk vergeet het. Daar is nie meer profete wat hulle kom troos nie.
Ja, die volk het nou wel hulle leraars, die Sadduseërs, gehad, maar dié het self nie eens geglo wat God se Woord sê nie, en die Fariseërs het net beveel dat hulle God se gebooie ywerig moes nakom. Hulle het sommer ook nog 'n hele klomp gebooie bygemaak.

Die arme herders voel egter elke dag dat hulle sondige mense is wat 'n Saligmaker nodig het. Ag, wanneer sal Hy tog kom? Geen wonder dat dit donker in hulle harte is nie.

Uit: ***Die Bybel aan kinders oorvertel deur Gesina Ingwersen.***
Uitgewers: ***Die Boekuitgewers (DBU), tel. 012 808 3551.***
(publikasiedatum: DV vroeg 2008)

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :** Shammah 26, Theunisstr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 / dskleijn@mailshack.com
- **Rev T Mogale :** 19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 / t.mogale@telkomsa.net
- **Rev MP Magagula :** 575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 / magagula@telkomsa.net
- **Ds P Nel :** Du Plooystraat 80, Bethal 2310; tel 017 647-6693 / rufusnel@mweb.co.za
- **Ds E Viljoen :** Mauritiussingel 3, Stellenberg 7550; tel 021 919-9149 / eviljoen7@absamail.co.za
- **Ds HH van Alten :** Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 / hhvanalten@vgkmaranata.org.za

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Dr JA Breytenbach :** Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 / hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds CF Nicholson :** Patoustr 33, Amanda Glen 7530; tel 021 975-9994 / c.nicholson@absamail.co.za
- **Ds PG Boon :** Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Rev J Mhlanga :** Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za

DIE GOUE KOMPAS - ATEÏSME OF CHRISTELIKE GELOOF?

Ds Erik van Alten

ELDERS GELEES

Verskeie van u het waarskynlik die onderstaande berig per e-pos ontvang, maar ek het dit nogtans goed gedink om alle *Kompas*-lesers te laat saamlees. Ek vertaal dit uit Engels:

Daar kom in Desember [2007! – EvA] *'n nuwe kinderfilm uit, genaamd "The Golden Compass". Hierdie film word beskryf as 'ateïsme vir kinders' en is gebaseer op die eerste boek van 'n trilogie getiteld "His dark materials", geskryf deur Phillip Pullman. Pullman is 'n militante ateïs en sekulêre humanis wat 'n afsku het aan C.S. Lewis en die "Chronicles of Narnia". Sy motivering om hierdie trilogie te skryf, was spesifiek om Lewis se simboliek van Christus, soos dit in die Narnia-series uitgebeeld word, teen te gaan. Duidelik is Pullman se hoofdoel om die Christendom stukkend te breek en ateïsme te bevorder. Pullman het min twyfel oor hierdie intensie gelaat toe hy in 'n onderhoud in 2003 gesê het: "My boeke gaan daaroor om God dood te maak." Iemand het al van Pullman gesê dat hy "die skrywer is waarvoor ateïste bid – dit is nou as ateïste ooit bid."*

Terwyl die film "The Golden Compass" gematigd en onskuldig voorkom, is die boeke 'n heeltemal ander verhaal. In die trilogie raak 'n jong meisie betrokke in 'n epiese geveg om uiteindelik die onderdrukkende magte van 'n seniele God te oorwin. 'n Ander karakter, 'n voormalige non, beskryf Christendom as "'n baie kragtige en oortuigende fout." In die laaste boek slaag die karakters, wat Adam en Eva verteenwoordig, daarin om uiteindelik God, wat by tye Jahwe genoem word, dood te maak. Elke boek in die trilogie raak progressief erger in Pullman se haat teenoor Jesus Christus.

"The Golden Compass" word op 7 Desember vrygestel – gedurende die Kersfees-seisoen – en sal waarskynlik intensief geadverteer word. Voorstanders hoop dat niksvermoedende ouers hul kinders sal neem om hierdie film te gaan kyk, dat hulle die film sal geniet, en dat die kinders gevolglik die boeke vir Kersfees sal wil hê. Oorweeg asseblief om die film en die boeke te boikot. Gee ook hierdie informasie deur aan almal wat u ken. Dit sal help om ouers voor te lig, sodat hulle bewus kan wees van die verskuilde agenda van hierdie film.

Uiteraard ondersteun ons die aanbeveling in die laaste paragraaf van harte: hou asseblief u kinders weg van hierdie film. Maar afgesien daarvan, is dit belangrik om raak te sien dat Pullman nie 'n solo-kruisvaarder teen die bestaan van God is nie. Hy vorm deel van 'n groeiende groep ateïste wat probeer om God dood te maak. Of eerder: wat dink dat hulle daarin geslaag het om God te dood te maak.

In ons moderne tyd sien ons die eerste tekens hiervan alreeds by Frederich Nietzsche met sy bekende uitspraak "God is dood!" Nietzsche sê in sy verhaal, "Zarathustra", onder andere die volgende:

Waar is God? Ek sal vir julle sê! Ons het Hom doodgemaak – julle en ek. Ons is almal sy moordenaars. Maar hoe het ons dit gedoen? Hoe was ons in staat om die see leeg te drink? Wie het vir ons die spons gegee om die hele horison mee uit te wis? Wat het ons gedoen toe ons hierdie aarde losgeketting het van haar son? Waarheen beweeg sy nou? Waarheen beweeg ons nou? Weg van alle sonne? Val ons nie voortdurend nie? Agtertoe, na die kant, vorentoe, na alle kante? Bestaan daar nog 'n bo en 'n onder? Dwaal ons nie maar deur 'n oneindige niks nie? Het dit nie kouer geword nie? ... Hoor ons nog die rumoer van die grawers wat God begrawe? Ruik ons nog iets van die goddelike ontbinding? – ook gode ontbind! God is dood! God bly dood! En ons het Hom doodgemaak!

In die lyn van Nietzsche het talle persone ná hom beweer dat God nie (meer) bestaan nie – selfs teoloë (dink aan JAT Robinson en H Cox). Een van die bekendste eksponente van hierdie ateïsme in ons eie tyd is Richard Dawkins (sien foto). Dawkins is Oxford-professor, ewolusionis, en tegelykertyd aartsevangelis van ateïsme. Hy het onlangs 'n dokumentêre program vrygestel, getiteld "The root of all evil", wat gaan oor die vernietigende rol van godsdiens in die samelewing.

In ‘n artikel op die webwerf http://www.positiveatheism.org/writ/dawkins3.htm laat Dawkins hom soos volg uit oor godsdiens en die bestaan van God:

Baie van wat mense doen, word gedoen in die naam van God. Iere blaas mekaar op in sy naam. Arabiere blaas hulself op in sy naam. Imams en ajatolla’s onderdruk vroue in sy naam. Selibate pouse en priester mors mense se seks-lewens op in sy naam. Joodse priesters sny diere se kele deur in sy naam. Die prestasies van godsdiens in die geskiedenis – bloedige kruistogte, martelende inkwisisies, massamoorde, kultuur-vernietigende sendelinge… – is selfs nog meer indrukwekkend. En ten bate waarvoor was dit alles? Ek reken dat dit al hoe duideliker word dat die antwoord hierop is: absoluut niks. Daar is geen rede om te glo dat daar ‘n god bestaan nie, en daar is ‘n goeie rede om te glo dat hulle nie bestaan nie, en nooit bestaan het nie. Dit was alles ‘n massiewe gemors van tyd. As dit nie so tragies was nie, sou dit ‘n grap van kosmiese proporsies gewees het.

Volgens Dawkins is godsdiens een groot waanbeeld. Hy sê:

‘n Waanbeeld is iets waarin mense glo ten spyte van ‘n gebrek aan bewyse. Godsdiens kan nie eens behoorlik onderskei word van waanbeelde wat kinders kry nie… Ongelukkig neem die God-waanbeeld nie slegs besit van ‘n minderheid in ‘n gestig nie, maar van talle volwassenes.

Maar hoe ontstaan hierdie waanbeeld dan? Wat is die rede daarvoor dat so baie mense steeds godsdienstig is? Dawkins se antwoord:

Vanuit ‘n biologiese oogpunt is daar baie verskillende teorieë oor waarom ons hierdie buitengewone neiging het om in die bonatuurlike te glo. Een teorie is dat die kinderbrein … vatbaar is vir infeksie, op dieselfde manier as ‘n rekenaar. Om bruikbaar te kan wees, moet ‘n rekenaar programmeerbaar wees, moet dit kan doen wat dit beveel word om te doen. Dit maak ‘n rekenaar outomaties ook kwesbaar vir virusse, programme wat sê: “Versprei my, kopieer my, stuur my aan.” Wanneer ‘n virusprogram eers begin het, kan niks dit meer stop nie.
Op ‘n soortgelyke wyse is die brein van ‘n kind deur natuurlike seleksie voorgeprogrammeer om te gehoorsaam en te glo wat ouers en ander volwassenes vir hulle sê. Algemeen gesproke is dit ‘n goeie ding dat ‘n kinderbrein geneig is om deur volwassenes aangeleer te word wat om te doen en te glo. Maar die negatiewe sy hiervan is dat slegte idees, nuttelose idees, tydverspillende idees, soos reëndanse en ander godsdienstige gewoontes, ook deur generasies heen oorgelewer word. Die kinderbrein is baie vatbaar vir hierdie soort infeksie.
Vir Dawkins is die bestaan van God dus hoogs onwaarskynlik…

Maar… is ons geloof dan ‘n waanbeeld? Is ons in dieselfde kategorie as mense in ‘n gestig wat die waanbeeld het dat hulle God is? Is die beste kompas wat ons vir ons lewens kan kry die goue kompas van die Godsmoord? Nee, ons het die goue kompas van die Bybel. En daardie Bybel vertel vir ons van God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; die Bybel vertel vir ons van Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here, wat gely en gesterf het en op die derde dag opgestaan het uit die dood; die Bybel vertel vir ons van die Heilige Gees deur Wie se werk daar ‘n heilige, algemene, Christelike kerk bestaan; die Bybel vertel vir ons van die vergewing van sondes, die opstanding van die liggaam en ‘n ewige lewe. Geloof in die God van die Skrifte is geen waanbeeld nie; inteendeel, dit maak juis ons beeld helder en skerp.

Is God dood? Mense dink Hom dood, omdat hulle nie ‘n verklaring het vir wat hier op aarde gebeur nie. Mense wéns Hom dood, omdat hulle nie hul sondige natuur wil opgee en voor sy wet wil buig nie. Maar ook die God-is-dood-aktiviste sal uiteindelik moet erken dat Hy lewe. Uiteindelik sal elke knie moet buig, van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sal moet bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader (Fil. 2:10-11). ‘n Slotgedagte: die beste antwoord op die ateïsme is die belydenis van ons geloof, soos wat dit gegrond is op die Skrifte. En tog is dit goed om na te dink oor hoe ‘n mens daardie geloof teenoor die ateïsme kan be-argumenteer. In ons omgang met die ongeloof is dit nie genoeg nie om net te sê: “Ek glo”. Daar is redes waarom ons glo wat ons glo. Die geloof is nie redeloos nie, dit is geen blinde sprong in die duister nie. En ter wille van daardie geloofsverwoording en –verantwoording is dit goed om onsself deeglik toe te rus.

DIE STRYD OM PRESIDENTSKAP

en wat dit beteken vir die land en die nasie

Dr Pieter Mulder

POLITIEK

Wie gaan die volgende president van Suid-Afrika wees?

Gaan dit Thabo Mbeki, Jacob Zuma, Tokyo Sexwale, Cyril Ramaphosa, Nkosazana Dlamini-Zuma of Mosiuoa Lekota wees? Dit is die vraag wat tans die meeste aan my gevra word. In my antwoord probeer ek dit dan duidelik maak dat daar ’n verskil is tussen wie ek graag as president sal wil hê, teenoor wat ek voorspel moontlik gaan gebeur en wie president mag word.

Dikwels is die vraesteller se reaksie hierop ’n dreigement: “As so en so verkies word, sal ek dit nie aanvaar nie. Ek sal dan so of so maak!” In so ’n gesprek vind ek dat ek myself, en hierdie soort dreigende vraesteller, telkens weer moet herinner aan Romeine 13:1 : “Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel”. Of 1 Petrus 2:13-14 : “Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here – of dit die koning is as opperheer, of die goewerneurs as sy gesante...” As ’n opvolgvraag word dikwels gevra: “Kan ons nie die onsekerheid en onstuimigheid met die verkiesing van ’n nuwe president vermy en Mbeki maar net laat voortgaan as president nie?”

Grondwetlike voorskrif

Die grondwet bepaal dat Mbeki net twee termyne president mag wees. Dit beteken dat Suid-Afrika in 2009 ’n nuwe president moet kry wanneer sy termyn eindig. As Mbeki die grondwet wysig, soos in Namibië en Zimbabwe gebeur het, kan hy natuurlik vir meer termyne verkies word. Om verskeie redes glo ek dat dit nie gaan gebeur nie. Alles dui verder daarop dat die ANC steeds die verkiesing in 2009 sal wen. Die leier van die ANC op daardie tydstip word dan outomaties die nuwe president van Suid-Afrika. Dit beteken dat nie-ANC-kiesers van Suid-Afrika nie regstreeks seggenskap het oor wie die volgende president gaan wees nie. In Desember vanjaar kom ongeveer 4 000 ANC-afgevaardigdes uit alle provinsies in Limpopo bymekaar om die president en topleierskap van die ANC vir die volgende vyf jaar te verkies.

Mag agter die troon

Mbeki het aangedui dat hy weer as ANC-president verkiesbaar is. Hier moet duidelik onderskei word tussen die president van die ANC en die president van Suid-Afrika. As hy verkies word, sal dit beteken dat hy vir die volgende vyf jaar president van die ANC sal wees, terwyl daar in 2009 ’n ander persoon as president van Suid-Afrika aangewys sal moet word. As Mbeki verkies sou word, sal hy op hierdie wyse steeds die “mag agter die troon” kan wees en indirek deur die nuwe persoon die land probeer regeer.

’n Verdere voordeel vir die Mbeki-kamp is dat die nuwe persoon in 2009 dan nie deur die ANC-kongres van 4 000 mense aangewys sal word nie. Hierdie groot kongres vergader slegs een keer in vyf jaar. ’n Kleiner “tussen-kongresse-ANC-vergadering”, wat makliker gemanipuleer kan word om iemand na Mbeki se sin aan te wys, sal dan die opvolger aanwys.

Dit kan iemand soos mev. Nkosazana Dlamini-Zuma, minister van Buitelandse Sake, wees, met wie Mbeki tans goed oor die weg kom en deur wie hy tans die buitelandse sake-beleid van die land beheer. Cyril Ramaphosa mag ook deur so ’n kleiner liggaam aangewys word. Aan die ander kant is die risiko vir Mbeki dat as hy in Desember vir die ANC- presidentspos staan en die ANC-kongres van 4 000 hom nie kies nie, dit ’n mosie van wantroue in hom is. In die praktyk trek dit ’n streep deur sy hele presidentskap.

Jacob Zuma

Van die huidige ANC-leiers is Jacob Zuma as adjunk-president van die ANC steeds nommer twee, met Mosiuoa Lekota as voorsitter van die ANC nommer drie. Hulle behoort dus ook sterk aanspraakmakers te wees.
Uit die ANC-takke se nominasies, wat voor die kongres bekend is, kan ons ’n aanduiding kry van wie tans die voorlopers is. Wat hierdie nominasies in alle provinsies betref, loop Mbeki en Zuma baie gelyk.

Etnisiteit

Waarom is Lekota, as nommer drie in die ANC, glad nie prominent nie? Die een faktor wat altyd in Afrika ’n rol speel, maar wat om politieskorrekte redes nooit hardop genoem word nie, is etnisiteit. Mbeki is Xhosa, Zuma Zoeloe en Lekota Sotho. Van die gewone ANC-afgevaardigdes sê aan my dat hierdie “’n Nguni-geveg tussen die Zoeloe- en Xhosa-groepe is. Die ander groepe moet nou eers ’n bietjie wegstaan!” Zuma-ondersteuners argumenteer dat Mandela en Mbeki Xhosa is en dat dit nou die Zoeloes

se beurt is. Mbeki-ondersteuners argumenteer dat dit 'n ou ANC-tradisie is dat ANC-leiers soos Tambo en Luthuli aangebly het tot met hulle dood en dat Mbeki daarom nie nou vervang hoef te word nie.

Hierdie etniese argumente verklaar waarom Lekota onlangs op TV-nuus so uitgevaar het teen etnisiteit as 'n onding in die ANC wat uitgeroei moet word. Dit benadeel ook vir Ramaphosa, wat as 'n Venda nog net deur enkele takke genomineer is. As etnisiteit 'n rol speel, is dit belangrik om deur hierdie bril na die nominasies in die provinsies te kyk. KwaZulu-Natal het amper eenparig vir Zuma genomineer. In die Oos-Kaap het die meerderheid takke vir Mbeki genomineer. Waar KwaZulu-Natal redelik eenparig is, is die Oos-Kaap wel verdeel met ongeveer 30% takke wat ook vir Zuma steun. Van die ander kandidate wat genoem word, het net Tokyo Sexwale beduidende nominasies gehad en dit wel in Gauteng. Van die ANC- afgevaardigdes se standpunt oor Sexwale teenoor my was dat hy "hoofsaaklik die wit mense en die koerante se kandidaat is." "Hy het die afgelope paar jaar uit alle ANC-strukture bedank, hom nie oor die armes bekommer nie en homself ryk gemaak. Waarom sal hy hom nou skielik oor ons as armes bekommer as hy president sou word?" is aan my gevra.

Moontlike scenario's

Omdat ANC-politiek so ingewikkeld is, bly dit moeilik om akkurate voorspellings van buite die ANC te maak. 'n Paar moontlike scenario's:

- As die kongres in Desember vrede en harmonie binne die ANC voorop stel, gaan daar druk op alle kandidate wees om terug te staan sodat Mbeki eenparig herkies word. Dan word die ANC-presidentsverkiesing in Desember 'n "non-event". In die praktyk beteken dit wel dat die geveg net met twee jaar uitgestel word, omdat Mbeki nie in 2009 as president van Suid-Afrika mag staan nie.
- Die teen-voorspelling is dat Zuma so seergekry het met die uitdrywing en vervolging van hom deur oud-ANC-kollegas, dat hy niks kan verloor om, ongeag alles, wel te staan nie. As hy sou staan, is die voorspelling dat sy gewildheid by die gewone voetsoolvlak ANC-afgevaardigde so hoog is dat hy 'n baie goeie kans het om dan as president verkies te word. Zuma se opponente moet hom dus op 'n tegniese punt of met 'n skuldigbevinding in die hof voor die Limpopo-kongres probeer uitknikker. Die tyd daarvoor is baie min. Die oorweldigende ontvangs wat Zuma oral by openbare byeenkomste kry, bevestig net dat die norme en waardes wat ons as belangrik mag beskou, nie by almal in Suid-Afrika dieselfde gewig dra nie.
- 'n Kompromie wat tans voorgestel word, is dat die "wyse manne" in die ANC Mbeki en Zuma gaan vra om albei terug te staan, omdat hulle stryd die ANC so verdeel. Mbeki sal dit as 'n eerbare uitweg aanvaar en so die druk op Zuma verhoog om ook terug te staan. As albei terugstaan, kan die kongres 'n kompromie-kandidaat soos Ramaphosa of Sexwale aanvaar.

Al bogenoemde moontlikhede, plus nog 'n paar verrassings, kan gebeur.

Slotsom

"Wat kan ek doen as die verkiesing nie na my sin verloop nie? Dit kan tog sekerlik nie God se wil wees dat die-of-daardie verkies word nie?" is aan my gevra.
Toe Christus voor Pilatus verskyn, sê Pilatus aan Hom (Joh. 19:10): "Weet U nie dat ek mag het om U te kruisig en mag het om U los te laat nie?" En Jesus antwoord hom (Joh. 19:11): "U sou geen mag teen My hê as dit u nie van bo gegee was nie...".

Dit is ook waar van wie ook al as nuwe president van Suid-Afrika verkies gaan word. Nou wat staan ons na die verkiesing te doen? Volgens ons Nederlandse Geloofsbelydenis (artikel 36) moet ons die owerheid gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie. Ons moet ook vir hulle voorbidding doen sodat die Here hulle in al hul handelinge mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei (1 Tim. 2:2).

Dit beteken nie om net passief te sit nie. Kritiseer leiers waar nodig en stem vir die politieke party van jou keuse.
Maar verder is die opdrag en troos in Psalm 146:3-5 ook duidelik: "Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie. Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan.
Welgeluksalig is hy wat die God van Jakob het as sy hulp, wie se hoop is op die HERE sy God".

(Dr. Pieter Mulder was professor aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en is tans parlementslid en leier van die VF Plus.)

DIE OU TESTAMENT EN SENDING

Ds Pieter Boon

KERKNUUS

As ‘n mens die openbaring van God in die Bybel vergelyk met heidense ofte wel primale[1] godsdienste, is daar bepaalde verskille wat opval. Een van die grootste verskille is die feit dat die Jodendom en Christendom monoteïsties is. Nog ’n punt van verskil is die konsep van openbaring. Hoewel hierdie konsep nie vreemd is aan primale godsdienste nie, is dit byna altyd iets wat in die mitiese verlede plaasgevind het, êrens aan die begin van die tyd, iets wat saamgeval het met die begin van die wêreld, die sogenaamde kosmogenie (geboorte van die wêreld).

Die verloop van tyd en gebeurtenisse in primale godsdienste is veral siklies. Alles wat was, keer weer terug. Net soos die seisoene. Soos dit was, is dit nou, en sal dit altyd bly. Dit geld ook vir die verhouding met die gode. Deur die korrekte rituele uit te voer, bly die verhouding tussen mens en sy gode altyd dieselfde.

Die monoteïstiese openbaring wat ons in die Bybel vind, is egter iets wat histories aantoonbaar *in* die tyd plaasgevind het, en wat ook ’n spesifieke afgebakende periode geduur het. Die oomblik van openbaring is beperk, dit is ’n spesifieke moment (of momente) in die tyd. Dit is dan ook die rede waarom hierdie openbarings (oftewel Teofanieë) so belangrik en kosbaar geword het, aangesien dit ’n gebeurtenis was wat nie elke keer terugkeer nie, maar ’n vasstaande eenmalige historiese gebeurtenis was.

Hierdie beperktheid tot ’n historiese moment of afgebakende periode is iets wat nie net op die verlede van toepassing is nie, maar ook op die toekoms. Dit is die wese van wat ons noem die eskatologie. Daar word ’n spesifieke gebeurtenis in die toekoms verwag, op ’n spesifieke vasgestelde oomblik. Onder die druk van hierdie unieke momente in die geskiedenis sien ‘n mens gevolglik die ontwikkeling van ’n totaal ander interpretasie van historiese gebeurtenisse onder die volk Israel, onder leiding van die profete in die Ou Testament. Historiese gebeurtenisse word beleef as openbarings van die lewende God (Jahwe) se aktiewe aanwesigheid. Gebeurtenisse in die verlede word beskou as dinge wat deur Jahwe so bestuur is, en wat nodig was vir die uiteindelike redding van sy uitverkore volk. In hierdie konteks word gebeurtenisse dus uniek, en dien historiese gebeurtenisse ’n spesifieke doel, en sien ons – in teenstelling tot die heidense oftewel primale godsdienste uit daardie tyd – nie die weerkeer van dieselfde gebeurtenisse tot in oneindigheid in die sikliese vloei van die tyd deur die eeue heen nie. Vanuit hierdie perspektief van die Ou Testament sal die Messias *vir eens en vir altyd* kom en sal Hy redding *vir eens en vir altyd* bring. ’n Eenmalige gebeurtenis dus, ’n geleentheid wat aangegryp moet word voor dit *te laat* is.

Die geskiedenis van die Ou Testament vertoon daarom nie die ewige weerkeer van gebeurtenisse deur die eeue heen nie, maar die wil van Jahwe wat ten uitvoer gebring word. Die geskiedenis van die Ou Testament is ’n reeks van ‘negatiewe’ en ‘positiewe’ openbarings van Jahwe, waarvan elkeen ’n unieke betekenis het op die pad wat Hy besig is om met sy volk te stap. Al hierdie eenmalige openbarings vertoon die persoonlike bemoeienis van Jahwe met die verloop van die geskiedenis van sy volk, en breër met die wêreld.

Hierdie wyse van denke – ‘n mens kan dit *Messiaanse wêreldbeskouing* noem – is iets wat nie van onder af opgekom het nie. Of in ander woorde, dit is nie iets wat ontstaan het binne die volk Israel nie. Vanuit godsdiensfenomenologiese oogpunt sou ‘n mens kon sê dat dit ’n wêreldbeskouing was wat sy oorsprong gehad het by ’n baie spesifieke godsdienstige elite. Of, om dit in terme van Ou Testamentiese taalgebruik te stel: die lewende God het sy wil, sy visie met die wêreld, geopenbaar aan ’n spesifieke groep mense – vernaamlik die profete deur Hom uitverkies – om met daardie boodskap sy volk te bewerk. En so sien ons in die Ou Testament dat met name die profete hulle vir eeue lank beywer het – ja, hulle vermoei het – om die denke en hele wêreldbeskouing van die volk Israel om te buig. Dikwels was dit – vir die gevoel van die profete – ’n vergeefse poging om die

[1] Die aanduiding ‘*primale godsdienste*’ is ‘n vertaling van die Engelse ‘*primal religions*’. Dit is ’n aanduiding vir daardie godsdienste wat algemeen was voordat hulle plek (gedeeltelik) ingeneem is deur een van die wêreldgodsdienste (Jodendom, Christendom, Islam, Boeddhisme...). In teenstelling tot die wêreldgodsdienste is primale godsdienste aan ’n sekere regio gebonde. ’n Goeie voorbeeld van primale godsdienste is die Afrika tradisionele godsdienste (soos voorvaderverering). Nog ’n voorbeeld is die godsdienste van die heidense inwoners van Kanaän waarvan ons in die Bybel lees. Soms word die benaming primitiewe godsdienste ook gebruik, hoewel hierdie benaming deesdae as denigrerend beskou word. Die aanduiding primitief is afkomstig uit die tyd van die evolusionistiese of Hegeliaanse godsdienshistoriese modelle. Inhoudelik is die aanduiding primitief ook nie korrek nie, aangesien hierdie primale godsdienste hoogs gesofistikeerd is.

tradisionele ou-Oosterse visie op godsdiens en lewe en geskiedenis uit te roei. Die feit dat die Israeliete elke keer weer hulle toevlug gesoek het by die Baäls en Astartes, kan verklaar word uit die feit dat hulle nie kans gesien het om net op die lewende God en sy openbarings te vertrou nie. Of in ander terme: die rituele van die Baäls en Astartes het vir hulle 'n veiliger gevoel gegee, meer sekuriteit gebied, as om na hulle lewe, na die wêreld en na die verloop van die geskiedenis te begin kyk uit die oogpunt van die openbarings van Jahwe. Kortom nie meer siklies, 'n ewige terugkeer van die bekende nie, maar lineêr, uitlopend op en verwagtend 'n spesifieke gebeurtenis in die toekoms. Ons sien in die Ou Testament dat baie lae van die samelewing – met name die boere – elke keer weer aanklank gevind het by die ou (primale) godsdienstige gebruike (Baäls en Astarte) van hulle buurvolke. Vir hulle gevoel het hierdie (af)gode baie nader aan die alledaagse lewe gestaan, en het hierdie gode met al hulle rituele gehelp om die (probleme van die) lewe, die geskiedenis, te verdra, of selfs te vergeet.

In teenstelling hiermee het die Messiaanse profete die volk egter onvermoeid 'lastig geval' en hulle daartoe gedring om die lewe, die werklikheid, die geskiedenis onder oë te durf sien. Om die geskiedenis (alles wat gebeur) te leer sien as 'n noodsaaklike en beangstigende dialoog met die lewende God, Jahwe. En om ook te leer uit die geskiedenis om nie dieselfde foute eindeloos te herhaal nie. Dink byvoorbeeld aan die militêre nederlae wat die volk Israel gely het. Om te besef dat hierdie nederlae in die geskiedenis onvermybaar was, juis om daardeur versoening met die lewende God Jahwe te verkry. Ja, dat hierdie nederlae juis 'n stap in die goeie rigting was – hul uiteindelike redding! Vanuit hierdie gesigspunt word elke willekeurige oomblik van die geskiedenis, van die volk se lewe, van elke individu se lewe, van lewensbelang vir die verdere verloop van die geskiedenis. Dit resulteer in 'n lewenstyl vol van toekomstige verwagting. Of, om dit te vergelyk met die lewenstyl wat gangbaar was in die ou primale godsdienste, 'n lewe van gespanne verwagting, inderdaad 'n lewe vol spanning. Dit was dan ook die rede hoekom baie Israeliete onwillig was om oor te skakel na hierdie soort lewenstyl. Dit is naamlik baie makliker om die verklaring vir elke teenspoed of ongeluk in die lewe te vind in 'n 'toevallige ongeluk' (bv. jy was getoor en daarom het dit met jou gebeur) of in nalatigheid (bv. 'n rituele fout), soos tipies is van die primale wêreldbeskouings. So 'n fout kan naamlik baie maklik 'herstel' word deur bloot 'n offer aan die gode te bring.

Die hele Ou Testament is 'n verhaal van hoe God sy volk probeer wegtrek van die afgode af. Dit het begin by die verkiesing van Abraham. God het Abraham geroep en – die ander kant van die muntstuk – beveel om weg te trek uit sy vader se huis. En dus ook sy vaders se gode agter hom te laat! "Oorkant die Eufraat het julle vaders van oudsher gewoon – Tera, die vader van Abraham en die vader van Nahor, en hulle het ander gode gedien. Maar Ek het julle vader Abraham van oorkant die Eufraat af geneem..." (Josua 24:2-3). In die hart van die volk Israel se godsdiens vind ons die absolute verwerping van beide die Mesopotamiese en die Egiptiese wêreldbeskouings oftewel visies op die kosmiese orde. In teenstelling tot hierdie primale godsdienste sien ons in die Ou Testament die groot klem wat gelê word op die volledige transendensie van God, asook die historisiteit en rasionaliteit van die werklikheid. Die Ou Testament openbaar 'n God wat buite die kosmos staan. Hy is nie deel van die skepping nie. Dit is die essensie van die monoteïsme. Die skepping word nie vergoddelik nie. God se handelinge is ook nie deel van 'n altyd herhalende sirkel binne die kosmos nie, maar God maak geskiedenis. Die God van die Ou Testament is ook nie gebonde aan 'n spesifieke land of plek nie, nie eers aan sy tempel nie. Hy het offers gevra van sy volk, maar was nie daarvan afhanklik nie. Hy het magiese manipulasies verafsku. Die radikale transendensie van God sien ons veral ook in die geskiedenis van die skepping. In teenstelling tot bv. die Akkadiese skeppingsepos, die Enuma Elish, wat vol is van vele gode, vind ons in Genesis slegs een God wat transendent optree, individueel sonder enige kreasionele vertrekpunt.

In die Ou Testament staan die offer van Abraham as duidelike voorbeeld van die verskil tussen die primale rituele manier van lewe en 'n lewe gebaseer bloot op geloof. Dit was 'n totale nuwe dimensie. Van die buitekant af lyk die offer van Abraham miskien soos die offers van eersgeborenes wat 'n algemene gebruik was in die primale godsdienste. Die offer van die eersgeborene was 'n wydverspreide rituele tradisie in die ou Midde-Ooste. Die eerste kind is beskou as die kind van die gode. Dit was naamlik die gewoonte dat 'n meisie haar eerste huweliksnag in die tempel deurgebring het en daar deur die gode (oftewel die diensknegte van die gode – die priesters) bevrug is. Wanneer hierdie kind dan ná geboorte geoffer is, is dit – so is dit beskou – teruggegee aan die gode. Sy jong bloed het weer die energievlakke van die gode versterk. Daar is geglo dat die gode hulle 'eie' vrugbaarheid gebruik om die aarde en alles daarop te onderhou.

Nou was Isak in 'n sekere sin ook die seun van God, geskenk aan Abraham en Sara op 'n oomblik dat hulle al te oud was om nog vrugbaar te wees. Maar Isak is aan hulle geskenk vanweë hulle *geloof*. Hy was die seun van die belofte en van die geloof. Dit lyk dus oppervlakkig, nl. of die offer van Abraham vergelykbaar was met soortgelyke heidense offers van die eersgeborenes in die ou Semitiese wêreld,

want inhoudelik was hierdie offer totaal verskillend. Vir die ou Semitiese wêreld was die offer 'n *rite*. In die geval van Abraham was dit 'n daad van *geloof*. Binne die konteks van die primale godsdienste was dit 'n transaksie tussen die mense en hulle gode. Dit was 'n soort heilige ekonomie. Soos Kierkegaard dit beskryf het: die heidense offers was deel van die vloei van heilige energie in die kosmos - van die godheid na die aarde en sy mense, en dan via die offer van die mense weer terug na die godheid. Dit is 'n geslote sikliese sisteem. In die geval van Abraham was dit totale afhanklikheid van God. Hy kon slegs staatmaak op die *genade* van die God wat totaal onafhanklik van hom was. In hierdie – vir Abraham se gevoel – absurde handeling sien ons 'n nuwe 'godsdiens' by Abraham daag: die van *geloof*, totale toewyding, totale afhanklikheid. Abraham het Isak as 'n *geskenk* van God ontvang, terwyl hy as mens absoluut niks gedoen het om dit te verkry nie. Geen bevrugting in 'n heidense tempel of wat ook al nie. Tussen God en Abraham het daar geen interafhanklike sikliese religieuse sisteem bestaan nie. Tussen God en Abraham was daar 'n groot kloof. Geen kontinuïteit nie. En dit was God wat op eie inisiatief besluit het om die kloof te oorbrug en Hom aan Abraham te openbaar. Hierdie openbaring was nie vanweë enige rasioneel verklaarbare rede nie (bv. dat dit voorspel kon word deur die mens as deel van 'n tranksaksionele godsdienstige sisteem nie). Hierdie openbaring was ook nie omrede – soos dit altyd in die primale godsdienste die geval is – God iets nodig gehad het van die mense nie. Want God is absoluut onafhanklik. En vir Hom is alles moontlik. Hy is almagtig.

Dit is wat so anders is aan die Ou Testament vergeleke by die heidense godsdienstige strukture. Abraham is weggeruk uit daardie bygelowige en ritualistiese lewenswyse. Abraham het 'n volledige nuwe posisie in die kosmos ontvang. En historiese gebeurtenisse het ook 'n nuwe dimensie ontvang, uitgelig uit die mite van ewige terugkeer. Nou het historiese gebeurtenisse nie-herhaalbaar geword, met die gevolg dat die aksent nou val op die feit dat dinge op die regte manier moet gebeur, want herhaling is nie vanselfsprekend nie. Historiese gebeurtenisse het beperk geword, vanuit die perspektief dat die tyd tot 'n einde sal kom. Die ewige periodiese wedergeboorte van die skepping, soos algemeen bekend in die primale godsdienste, word vervang deur die enkele wedergeboorte of herskepping wat sal plaasvind op die tyd deur die lewende God bepaal.

Hierdie is die groot stryd ofte wel *sendingsprojek* van God in die Ou Testament. Dit het begin by Abraham wat weggeroep is agter die afgode vandaan. En hierdie proses het die lewende God vir eeue lank voortgesit, met name deur die mond van sy profete, om sodoende die volk wat Hy uitverkies het, te 'kersten'. Sy volk se skuld kon nie op ritualistiese wyse weggeneem word nie, soos die opvatting in die primale godsdienste is nie. Skuld het 'n veel dieper en ernstiger dimensie gekry. Terselfdertyd het die lewende God die juiste pad gewys hoe al die skuld gedelg kon word: deur die eenmalige koms van die Middelaar-Messias om die skuld te versoen.

As ons hierdie rooi draad in die Ou Testament sien, gee dit ook 'n duidelike visie op sendingwerk vandag in Afrika. Dit maak 'n mens geduldig. God het 'n baie lang pad met die volk Israel gestap. En sedert die Nuwe Testament aangebreek het, stap God nou 'n baie lang pad met al die volke van die wêreld. Hy het baie eeue gelede begin met die volke in Europa. Hy het inmiddels ook begin met die volke in Afrika. Ons mag hierin sy diensknegte – profete – wees. Om die volke op hierdie kontinent weg te roep agter die afgode vandaan, om die lewende God te dien.

In hierdie verband moet 'n mens besef dat 'n Christelike lewenswyse in sekere sin moeiliker is as 'n heidense lewenswyse. Wie 'n Christen geword het, is naamlik nie meer in beheer nie. Jy kan nie jou eie lewe beheer binne 'n godsdienstige transaksionele sisteem nie, soos in primale godsdienste die geval is. Jy is totaal afhanklik van God. Daar is 'n kloof tussen jou en God, tussen Skepper en skepsel. Hierdie kloof word slegs oorbrug deur soewereine genade. Geloof is die enigste waaraan 'n mens kan vashou. 'n Nuwe bekeerling ervaar dit dikwels as 'n riskante avontuur. Die voorvaderverering gee byvoorbeeld 'n veel veiliger gevoel. Asof jy jou op 'n klein bootjie sonder anker of tou op die wye oseaan begeef, so voel die Christelike *sola gratia*. In die primale godsdienste word die werklikheid verdoesel. Die werklikheid van sonde en straf en dood. Die primale godsdienste maak die lewe in sekere sin maklik. Geen verantwoordelikheid nie, en alles is afkoopbaar. Dit is net soos wat die lewe maklik en hanteerbaar lyk vir iemand wat dwelms gebruik. Maar so word die werklikheid verdoesel. En die werklikheid haal elke mens vroeër of later in. Dis net die lewende God wat uit pure genade 'n vaste en bestendige oplossing aangereik het vir die mens se ellende. En elkeen wat al vir 'n langer periode sy vertroue op die lewende God gestel het, sal hoe langer hoe meer besef en ervaar dat *die geloof in die lewende God* nie 'n riskante avontuur is nie, maar die mees vaste rots waarop jou lewe gebou kan word.

(N.a.v. Eliade, W. *The myth of the eternal return* & Berger, P. *The sacred canopy*)

BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA:
'N AFRIKAANSE VERTALING VAN DIE BYBEL VIR DIE EEN-EN-TWINTIGSTE EEU

Ds Pieter Nel

RONDOM DIE KERK

Agtergrond

By baie Afrikaanssprekende Bybellesers bestaan daar vrae en is daar soms verwarring oor die "baie" Afrikaanse Bybelvertalings. Van die Afrikaanse Bybels wat tans in die mark is, word slegs twee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika uitgegee, naamlik die 1933-vertaling, wat in 1953 volledig hersien is, en die 1983-vertaling. Daarbenewens verskyn *Die Afrikaanse Bybel vir Dowes*, ook van die Bybelgenootskap, DV vroeg in 2008. Al die ander Afrikaanse vertalings wat tans in die mark is, soos byvoorbeeld die Nuwe Lewende Vertaling en die Boodskap, is vertalings van ander, kommersiële uitgewers.

'n Versoek van die kerke

Die Bybelgenootskap is in 2004 deur die kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik, versoek om - na jare van navorsing, proefvertalings en omvattende bespreking - 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans voor te berei. (Die inisiatief vir 'n nuwe vertaling het dus nie by die Bybelgenootskap begin nie.) In Februarie 2005 het die Nasionale Raad van die Bybelgenootskap besluit dat daar aan hierdie versoek voldoen word en beklemtoon dat die vertaalproses so inklusief moontlik moet wees ten opsigte van alle kerke wat die Afrikaanse Bybel gebruik. 'n Oorweldigende aantal kerke het hulle dan ook ten gunste van die beplande vertaling uitgespreek en onderneem om hulle ondersteuning daaraan te gee. Die vertaling sal ongeveer 10 jaar neem om te voltooi, nadat in 2006 met die projek begin is.

Vertaalopdrag

Hierdie nuwe Afrikaanse Bybelvertaling is vir gebruik deur kerke en gelowiges bedoel. In die lig hiervan is die volgende vertaalopdrag geformuleer en goedgekeur: "Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategese, Bybelstudie en persoonlike gebruik."

Dit word verder omskryf as 'n vertaling wat 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks sover moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees.

Waarom 'n nuwe Bybelvertaling?

Daar kan tereg gevra word: Waarom is 'n nuwe vertaling nodig? Verskeie sake het 'n rol gespeel by die besluit om 'n nuwe vertaling in Afrikaans voor te berei, waaronder die volgende:

1. **Die behoefte bestaan in Afrikaanssprekende kerke** aan 'n Bybelvertaling wat sterker aansluit by die bronteks (dit wil sê die Hebreeuse, Aramese en Griekse tekste) as die bestaande vertalings. Baie gelowiges het dus behoefte aan 'n Bybel wat so na as moontlik aan die bronteks is, maar steeds verstaanbaar is.

2. **Die vertaalkunde en –teorieë het aansienlik ontwikkel** sedert die publikasie van die 1983-vertaling in Afrikaans. Terwyl daar tradisioneel tussen letterlike (of woord-vir-woord) vertalings (soos die 1933/53-vertaling) en vrye (of dinamiese) vertalings (soos die 1983-vertaling) onderskei is, word daar tans eerder met die begrippe "instrumentele vertaling" en "dokumentêre vertaling" gewerk. 'n Instrumentele vertaling is dié soort vertaling wat 'n mens bv. by 'n advertensie sal gebruik. Dit is onbelangrik of die vertaling presies sê wat in die oorspronklike teks staan, omdat die vertaalde teks slegs 'n instrument is om die doel van die teks te bereik, naamlik die verkoop van die produk. Daarteenoor sal 'n vertaler van 'n dokument soos die grondwet van die land probeer om die oorspronklike so noukeurig moontlik in 'n vertaling weer te gee, maar dit ook in goeie en verstaanbare Afrikaans te doen. Daar bestaan ruimte vir 'n "dokumentêre" vertaling van die Bybel in hedendaagse Afrikaans naas die bestaande woord-vir-woord-vertaling asook die dinamiese vertalings wat neig na "instrumentele" vertalings.

3. **Ons kennis van die tale waarin die Bybel oorspronklik geskryf is**, het in die afgelope aantal jare geweldig uitgebrei. Argeologiese opgrawings en vergelykende studies het, veral met die moontlikhede wat rekenaarprogramme bied, ons kennis van uitdrukkings, idiome, metafore, ensovoorts, in die Bybeltale geweldig uitgebrei.

Hoe gaan die nuwe vertaling verskil van bestaande vertalings?

Die beoogde nuwe vertaling in Afrikaans sal in verskeie opsigte van die huidige Afrikaanse Bybelvertalings verskil, byvoorbeeld:

1. Alhoewel die beplande vertaling ’n sg. dokumentêre vertaling sal wees waarin die bronteks so getrou moontlik weergegee word, is die **fokus nie so sterk op ’n woord-vir-woord-vertaalwyse soos die 1933/53-vertaling nie**. In die nuwe vertaling sal daar groter klem gelê word op die weergee van die bronteks in vloeiende Afrikaans as wat by woord-vir-woord-vertalings die geval is.

2. **Die beplande vertaling sal minder as die 1983-vertaling aangepas word by die leefwêreld van vandag**. Metrieke mate en gewigte sal byvoorbeeld nie in die vertaling gebruik word nie, maar wel die terme wat nader aan die brontaal lê, soos byvoorbeeld sikkels, handbreed, el en dagreis.

3. **Voetnote** sal, anders as in die vorige twee vertalings van die Bybelgenootskap, gebruik word om kort verduidelikings aan die leser te gee ten opsigte van sake soos bv. probleme in die bronteks of verskillende geldige vertalingsmoontlikhede.

4. **Groter klem op die vorm van liedere en gedigte** sal meebring dat die eie aard van Bybelse poësie behoue bly.

5. Die beplande vertaling sal ook ‘n uitgawe met die **Deutero-kanonieke boeke** insluit, aangesien die Rooms-Katolieke en Anglikaanse Kerke wat ook hulle ondersteuning aan die projek toegesê het, hierdie boeke gebruik.

6. **Die werkswyse in die geval van die beplande vertaling verskil ook aansienlik** van vorige vertalings van die Bybelgenootskap. Vir die eerste maal is alle kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik, by die vertaalproses betrek. Naas eksegete en brontaalkenners sal professionele Afrikaanse vertalers, letterkundiges en taalkundiges 'n baie groter rol speel as by vorige Afrikaanse vertalings. 'n Groot aantal vroulike medewerkers maak ook deel van die vertaalspan uit.

Die beplande sg. dokumentêre vertaling verskil ook van die ander meer vrye of dinamiese vertalings van ander, kommersiële uitgewers wat tans in die mark is.

MY BEROEP: ’N ROEPING!

Prof Hans Boon

LEER EN LEWE

Uitgangspunte

In vandag se gesekulariseerde lewe is die “hoe” van Christen-wees nie ‘n vanselfsprekendheid nie. Christen-wees is nie maklik nie. In ons denke, in wat ons doen en in ons gesprekke word ons baie deur die wêreld se denke en doen geskool. Soos die wêreld maak, so maak ons ook. Ons taalgebruik, ons werksituasie, sommer ons elke dag se doen en late word in baie opsigte nie meer deur die Bybel gevorm en gestempel nie. Die Bybel is vir Sondae en in die week lewe ons anders. Dit is die werklikheid by baie gereformeerdes, ook in ons Vrye Gereformeerde Kerke. Ons lewe nie noodwendig as goddeloses nie, maar ook nie as Christene wat in hul werk en ontspanning die uitgangspunte direk vanuit die Bybel uitleef nie.

Om hierdie probleem aan te spreek, het *Die Kerkblad* van Augustus 2007 ’n aantal artikels geplaas met as titel: “ Hoe kan ek as Christen ...’n goeie vriend wees; ...’n goeie ma wees; ...’n goeie oupa wees”, ens. Die kwaliteit van die artikels is van wisselende aard. Dit is maklik om in algemeenhede te verval en dan so hier en daar ’n teks uit die Bybel te noem. Hierdie tekste dien egter nie altyd as fundamentele uitgangspunte nie.

Maar daar is een artikel wat ek graag wil uitlig waar die Bybel die eerste woord spreek en waar die Bybelse uitgangspunte en riglyne eksplisiet genoem word. Die titel van die artikel is: “Hoe kan ek as Christen ’n vervullende beroepslewe lei”, geskryf deur dr Bingle Kruger. In hierdie artikel word dinge by die naam genoem en word nie in algemeenhede verval nie. Dis ’n kort, maar kragtige artikel.

Ek wil so hier en daar tussen my eie woorde iets daarvan weergee. Die huidige werksomgewing in die wêreld verander telkens, vir ons gevoel baie meer as in die verlede. Een ding staan soos ’n paal bo water: ons positiewe ingesteldheid, lewensuitkyk en denke as rentmeesters van God se skepping. Ons mag

lewe in hierdie wêreld waar die mag van kennis (dus van die geeste) die ekonomiese dryfveer geword het. Daar is mooi Christelike vertrekpunte of peilers in die lewe, soos wat 'n hoë gebou op peilers en fondamente gebou is. Een daarvan is: "En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie" (Kol. 3:23). Beskou jou werk as 'n roeping van die Here. Wees diensbaar in die kerk van Christus en in die wêreld waarin Christus ons geplaas het. Jou werk en ontspanning in die lewe omvat alles: ingenieurswese, ma-wees, kuns, kultuur, voetbal en die skepping. Ons lewenskwaliteit word deur Christus bepaal.

Riglyne

Wat ook baie mooi is in die artikel, is dat die volgende riglyne ons moet laat koershou in die lewe en dan aan ons werksvervulling gee (aangehaalde tekste kom uit die nuwe vertaling soos die skrywer in *Die Kerkblad* gedoen het).

- God se raadsplan staan vas. Hy het sy weg met die skepping en met elkeen persoonlik. "Wie kan iets beplan, en dit gebeur, as die Here nie die bevel gee nie? Is dit nie op bevel van die Allerhoogste dat die kwaad sowel as die goeie te voorskyn kom nie?" (Klaagl. 3:37-38).
- God het aan ons as rentmeesters van sy skepping 'n werksloopbaan as roeping opgedra. "Bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die skepping" (Gen. 1:28). "Julle is die sout vir die aarde" (Matt. 5:13). "Julle is die lig vir die wêreld" (Matt. 5:14).
- God bemagtig ons en rus ons toe vir ons werk en roeping hier op aarde. Sewe dae in die week. "Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer" (Fil. 2:12b-13).
- Ons is hemelse burgers en is deel van God se totale herskeppingsplan. "Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag" (Fil. 3:20). "Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo" (1 Joh. 5:13).
- Wees in alles gehoorsaam aan God: "Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie" (Pred. 12:13).

Die skrywer van die artikel in *Die Kerkblad* laat 'n positiewe en duidelike geluid hoor. Die konsekwensie daarvan is duidelik: ons moet as koningskinders met 'n besondere roeping, teenoor die sonde lewe, en terselfdertyd positief as burgers van Christus se ryk lewe. Die Woord van die Here is hierin baie eksplisiet. Ons is van die wêreld, maar nie deel van die sondige wêreld nie. Dis ons "kultuuropdrag", soos ons gereformeerde vaders dit genoem het.

My beroep het blywende betekenis!

Dis belangrik dat ons ons roeping en die goeie werk wat ons danksy God se genade doen, mooi verstaan. Ons werk het ewigheidswaarde. Paulus verseker ons dat ons werk in die Here nie tevergeefs is nie (1 Kor. 15 :58). En in Openbaring 14:13 sê die Heilige Gees dat die werke (dus dit wat ons met ons roeping doen) van die mense wat in Christus sterwe, hulle sal navolg. Hierin hoor ons dat die werke wat ons in die geloof doen, nie ten onder gaan nie, maar blywende betekenis het.

Ons mag nou die vraag vra: Hoe kan ons werke wat vol sondes, is blywende betekenis hê? Ons kan tog, wanneer ons voor God se troon verskyn, alleen op grond van Christus se lyding om genade pleit? Word ons dus voor God se regterstoel geoordeel, waar ook ons werke in berekening gebring word? Is daar 'n vuur wat sal uitmaak hoe elkeen se werke is? Moet ons goeie werke daardeur gaan? As ons goeie werke dan daardeur kom, beteken hulle dan ook iets vir ons toekomstige heerlikheid? Al hierdie vrae kan nie in hierdie artikel beantwoord word nie; dit sou in 'n afsonderlike artikel moet gebeur.

Ons goeie werke is nie 'n teenprestasie wat ons op ons beurt vir die Here moet doen vir sy genade nie. Dit gaan nie oor ons vrome werke en prestasies nie. Die Heidelbergse Kategismus (HK) praat oor wat Christus deur sy Gees met ons doen. Hy het ons nie alleen losgekoop van ons sondes nie, maar Hy vernuwe ons ook tot sy eer. Daar is vergewing (genade), maar ook vernuwing. Ons word opgewek tot 'n nuwe lewe. Ons moet vrugte van dankbaarheid voortbring (antw. 64 HK). Calvyn praat van 'n tweevoudige genade: die wat regverdig maak of die vergewing van ons sondes, asook die heiliging of vernuwing van ons lewe. By die vernuwing of heiligmaking van ons lewe skakel die Heilige Gees ons *aktief* in om weer te kan funksioneer ooreenkomstig God se bedoeling met ons as verloste mense. Die Gees werk in ons om ons te laat werk. Ons kan nie passief wees teenoor hierdie roeping in ons werk nie. Daarom is dit 'n roeping, die oproep tot heiligmaking.

Wanneer dit gaan om ons ewige behoud, is ons nie altyd geneig om aan ons beroep te dink nie. Ons word immers slegs op genade beoordeel, sonder enige verdienste van ons kant af. Maar let wel: genade en ons gehoorsaamheid is albei belangrik. Genade voor die troon van God tel 100%, maar ons heilsnoodsaaklike werke/beroep tel ook 100%. Hebreërs 12:14 verkondig mos aan ons dat sonder heiliging niemand die Here sal sien nie. Ons werke is die bewys en uiting van ons geloof. In 'n volgende artikel sal ons DV meer hieroor skryf.

REDAKSIENUUS

Oor die afgelope amper vier jaar, ná die vertrek van ds Arjan de Visser, was die redaksie van *Kompas* in Kaapstad gevestig. *Kompas* is ‘n tydskrif wat uitsluitlik gedra word deur vrywilligers. Dit betref sowel die redaksie as die skrywers en die verdere produksiespan. Dit is ‘n taamlike inspanning om *Kompas* elke maand te laat verskyn met artikels wat pas by die doelstelling van die blad: tot opbou van en rigtingwyser vir die gereformeerde lewe. Dit is dus te verstaan dat daar na ‘n tyd ‘n mate van vermoeiing intree. Verder is dit vir enige blad verfrissend as daar na ‘n bepaalde tyd verandering van redaksie plaasvind. Daarom het die redaksie aan die Stigting Woord en Wandel, as eienaar en uitgewer van *Kompas*, kennis gegee dat hy graag die tuig wil oordra aan ‘n nuwe redaksie.

Ons was bly om te hoor dat die Stigting ‘n nuwe redaksiespan kon vind, wat nou weer in Pretoria gevestig is. Die nuwe redaksie het inmiddels met geesdrif en goeie planne en organisasie begin om sy verantwoordelikhede per 1 Januarie 2008 op hom te neem. Ons wens ds Erik van Alten, srs Greet de Vries en Marlene de Vente en br Jan de Mooij as nuwe (eind)redaksie sterkte, wysheid en seën toe by die mooi taak wat hulle op hul geneem het. Ons het volle vertroue dat die redaksionele take oorgaan in bekwame hande en harte en dat *Kompas* sal bly beantwoord aan sy uitdagende doelstelling. Dalk hoor ons as lesers binnekort meer van hulle planne.

Een van die uitdagings is om ‘n breë span kundige skrywers te mobiliseer. *Kompas* is nie ‘n kerkblad nie en moet nadruklik breër kyk as die kerk of die teologie. Die gelowige in Suid-Afrika staan onder druk om sy geloof vanuit Bybelse beginsels vorm te gee en uit te leef. Dit betref die ontwikkelings in die samelewing, in die politiek, op maatskaplike gebied, in die ekonomie en die bedryfslewe, in die onderwys en opvoeding, in die gesondheidsorg, in die wetenskap en tegnologie, in kuns en kultuur, ens. Die doel van *Kompas* is om sy lesers te help om op hierdie gebiede insig te kry en aan hulle ‘n handreiking te bied.

Dit strek oor die volle breedte van die menslike lewe - die jeug wat met geesdrif begin aan ‘n selfstandige lewe as gelowige, die jong mense al dan nie met opvoedingsverantwoordelikhede, die oueres wat met verantwoordelikhede in die samelewing staan en dit help vormgee, asook die oueres wat weer op ‘n ander manier by die samelewing betrokke is. Om *Kompas* hierin ‘n positiewe rol te kan laat vervul, vereis die aktiewe samewerking van ‘n hele aantal kundige skrywers. Dit is voorwaar ‘n groot uitdaging. Die ou redaksie vertrou dat die skrywers wat tot nou toe hulle bydrae gelewer het, hulle volle ondersteuning sal bly gee aan die nuwe redaksie en dat nuwe skrywers sal toetree. Onder die Here se seën sal die gesamentlike inspanning wees tot opbou van die gereformeerde lewe en tot sy eer.

Daar is ‘n hele spektrum van gereformeerde tydskrifte wat in Suid-Afrika verskyn, elkeen met sy eie doelstelling en leserspubliek. Ons wil voorstel dat die nuwe redaksie dit oorweeg om in gesprek te tree met die redaksies van sodanige tydskrifte om te sien of daar nie samewerking tot stand kan kom nie, sodat vanuit dieselfde gesindheid en met ‘n breëre ondersteuningsbasis dieselfde doelstellings beter gerealiseer kan word. Sterkte en seën vorentoe!

Namens die ou redaksie
Hans Moes



Die bestuur, redaksie en administrasie van Kompas wens al sy lesers en ondersteuners ‘n geseënde Christusfees en 2008 toe.

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
FJ van der Meer
L Ros
E-pos (stigting):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo
Tel 012 335 9134

Redaksie (tot 2007):
Greet de Vries
Hans Moes
Petro Hofsink
Juul Douma

Redaksieadres:
Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Administrasie:
Mev L Ros
Posbus 23931
Gezina, 0031
Tel 012 332 0127
e-pos :
kompas.admin@vgk.org.za

Nederland:
Mev H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel (053) 478 4561

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Rek n r: 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos : R50
RSA per hand : R100
RSA per pos : R125
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per seepos : €30
Buiteland per lugpos : €40

Boekenuus

Een witte roos voor christenen onderweg deur Egbert Brink
Die Lutherroos is 'n verseëlende simbool. Die wit roos beeld die Christelike blydskap uit. Luther het sy logo self ontwerp en gebruik dit as sy persoonlike merkteken. Hy wil die hart van die Christelike geloof daarmee weergee en ook soveel moontlik herkenning oproep. Die herkenning is vandag nog daar. Christene is op pad na 'n rooskleurige toekoms, danksy Christus. Die uitgangspunt van die boek is die roos met die swart kruis, die rooi hart en blou agtergrond omvat in 'n goue ring. Elke onderdeel word afsonderlik belig.
(63 bladsye @ R130.00)

FOLMER BOEKHANDEL
Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883
e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: folmerpta@mweb.co.za
Posbus 26489
0031 Gezina

Salf vir die wonde deur Prof PJ de Bruyn
Hierdie boek bestaan uit preke, kort oordenkings en artikels. Dit het wel 'n eenvormige karakter in die sin dat die nadruk val op die troos uit die Woord van God aan diegene wat in beproewing verkeer. "Mag die Here dit gebruik as instrument om die salf van sy Woord en Gees te plaas op die wonde wat sy kinders so dikwels opdoen terwyl hulle nog in die strydende kerk verkeer. Mag die genesende werking van hierdie salf van sy Woord en Gees verder 'n versterkte geloof in Hom en 'n kragtiger liefde tot Hom tot gevolg hê, sodat alles inderdaad ten goede kan meewerk vir hulle wat God liefhet."
(146 bladsye @ R52.00)

Die Here is jou Bewaarder - gebede vir die oudag deur MC du Plessis
Op die oudag verstil die lewe. Dinge wat vroeër so belangrik en dringend was, verdwyn. Die lewenstorms bedaar. Nou besef ons dat een ding altyd daar was, al het ons vroeër nie aldag daaraan gedink nie: die Here se bewarende hand. Dit is Hy wat ons gelei het tot waar ons vandag is. Maar dis nie net dat God ons lei nie. Hy wag ook op ons. Hy is voortdurend in gesprek met ons. En die gesprek is die gebed. Hierdie gebedeboek is as 't ware 'n oefening in die eenheid met ons Verlosser. 'n Eenheid wat binnekort werklikheid sal word.
(150 bladsye @ R20.00)

NUUS OOR PSALMBOEKE
Die GKSA deputate gemoeid met die Totius-omdigting het laat weet dat hulle nog besig is met die hersiening van die beryming. Dit is nie duidelik wanneer die psalmboek by die drukkers ingehandig sal word nie. Dit kan dus nog 'n geruime tyd duur voordat ons weer Totius psalmboeke in voorraad sal kan ontvang.

Indien u dringend 'n psalmboek benodig, kan u die nuwe psalmboek aankoop. Hierdie psalmboek bevat én die Totius-beryming én die Cloete-berymings. Die beryming word by elke psalm aangedui. (R115)